

Boer voor die troon

40 Dae Gebedsfokus

Afrikaans



Die Woordelose Boekie

“’n Kleurvolle manier om die Evangelie te deel”

Die Woordelose Boekie is aanvanklik deur Charles Spurgeon in 1866 bekendgestel. Dit het net drie bladsye gehad: **Swart**, **Rooi**, en **Wit**. Sy preek in die Metropolitaanse Tabernakel in London se titel was “Die Woordelose Boekie”. Hy het vertel van ’n onbekende ou leraar wat drie bladsye bymekaar gesit het om homself dikwels te herinner aan sy sondige toestand (swart), aan Christus se bloed wat vir hom gestort is (rooi), en aan die “witter as sneeu” reiniging wat vir hom voorsien is.

Dit is nie bekend wie die **Goue** bladsy bygevoeg het nie, maar dit het ’n nuwe dimensie aan die boek verleen wat die liefde van God en die glans van die hemel verteenwoordig het. Nege jaar later het DL Moody die boekie gebruik by ’n kinderdiens wat deur ongeveer 12 000 mense bygewoon is. Hulle het die boodskap gehoor van “Die boekie met vier bladsye: Swart, Rooi, Wit en Goud”.

Toe Child Evangelism Fellowship (CEF) die boekie in 1939 begin druk het, het hulle die **Groen** bladsy bygevoeg om geestelike groei aan te dui. In 1993 is **AMOS** deur Hennie en Janetta Viljoen gestig. **AMOS** het die waarde van Die Woordelose Boekie om die Evangelie aan ongeletterde mense oor te dra, besef. Hulle het die **Blou** bladsy bygevoeg, om aan te toon dat Jesus eendag weer gaan terugkeer na ons toe om ons te kom haal.

Later is ontdek dat die International Childrens Ministry Institute (*ICMI*) dieselfde behoefte gevoel het, en reeds in 1988 ook ’n blou bladsy bygevoeg het.



BOER VOOR DIE TROON!

*40-Dae Gebedsfokus op die Landbou
01 September - 10 Oktober 2011*

AMOS hou geen kopiereg op hierdie publikasie nie en daarom mag enigeen hierdie boekie sonder enige toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. Die publikasie mag egter nie verkoop word nie. Vir enige navrae kan u die skrywer kontak.

Skrywer:	Hennie Viljoen
Buiteblad ontwerp:	Utilisoft
Taal en gehaltebeheer:	Hannatjie Theron
Druk- en bindwerk:	Oranje Drukkers

Uitgegee deur **AMOS AGRIMIN**

082 326 6699 / info@amosafrica.net

ISBN: 978-1-920138-34-9



Inhoudsopgawe

Voorwoord deur die skrywer iii

Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak iv

GEBEDSFOKUS

Waar sal ons hulp vandaan kom? 1

DEEL 1: Ons groot voorreg 3

Dag 1 – 7

DEEL 2: Die sonde van biddeloosheid 18

Dag 8 – 15

DEEL 3: Oorwinning oor biddeloosheid 33

Dag 16 – 30

DEEL 4: Vier gebede om voor die troon mee te boer 60

Dag 31 – 40



VOORWOORD DEUR DIE SKRYWER

Die sleutel tot Goddelike transformasie in die landbou, is gebed. God sal niks herstel, verander of vernuwe as ons dit nie in gebed van Hom vra nie. Wat gedurende die volgende dekade of twee in die landbou gaan gebeur, hang van ons gebede af. Daarom smee ek die Here om die landbougemeenskap 'n biddende gemeenskap te maak. Terselfdertyd pleit ek by jou om 'n biddende landbouer te word.

Die doel van die 2011 gebedsfokus word saamgevat in die titel: *Boer voor die troon*. Daarmee bedoel ek dat die landbougemeenskap in gehoor-saamheid aan 1 Tesseloniesense 5:17 moet leef. Gebed moet beoefen word. Dit moet kenmerkend van die hele landbougemeenskap wees.

Êrens het ek hierdie aanhaling van 'n onbekende persoon gelees: *The enemy rejoices when Christians spend more time discussing prayer than practising prayer*. Dit het my baie diep getref. Die werklike probleem is nie dat ons nie weet hoe om te bid nie. Die probleem is **dát** ons nie bid nie. Jy kan net leer swem deur te swem. Dieselfde geld van gebed. Jy kan net leer bid deur te bid. Daarom nooi ek jou uit om die onbeskryflike groot voorreg van gebed met albei hande aan te gryp en *voor die troon te boer*. Daar, in die teenwoordigheid van die Vader, sal jou vaardigheid om te bid, ook al beter word.

Die doel van hierdie *40-Dae Gebedsfokus op die Landou* is in die eerste plek om 'n **bydrae te lewer tot 'n gebedsherlewing** in my en jou lewe, maar ook in die landbou. Tweedens glo ek dat die verhooring van al hierdie gebede tot eer van God en tot groot seën vir die landbou sal wees. Dankie dat jy bereid is om saam te bid.

Hennie Viljoen



HOE OM DIE MEESTE VAN DIE GEBEDSFOKUS TE MAAK

Hou die volgende in gedagte om die meeste van hierdie 40 dae te maak:

1. Beplan en organiseer

Benut elke bestaande gebedsgeleentheid. Skep ook nuwe geleent-hede om gedurende dié tyd saam met ander mense te bid. Daar is baie moontlikhede, maar dit gaan nie vanself gebeur nie. Julle moet moeite doen en deeglik beplan. Dink aan die volgende:

- Jou persoonlike **stiltetyd**;
- Gebede **aan tafel**(dis dié geleentheid waar mense vir die landbou kan en behoort te bid);
- Met **invaltyd, uitvaltyd** of **gedurende middagetes** kan tyd aan gebed afgestaan word;
- Gebruik julle **bestaande kleingroepbyeenkomste**;
- Tydens **eredienste** kan 'n boer, boervrou, kind, plaaswerker of enige ander lidmaat gevra word om spesiaal vir die landelike en boerderygemeenskap in te tree;
- **Spesiale gebedsgeleenthede** (bidure), asook **halfnag- of deurnag-gebedsgeleenthede** kan gereël word;
- Mobiliseer **bejaardes, kinders, vrouens, gebedsgroepe, ens.** om saam te bid.
- **Bemark** die *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou* so wyd as moontlik. Benut die plaaslike koerante en radiostasies. Onthou, dié riglyne verskyn ook in Afrikaans en Engels op AMOS se tuisblad: www.amosafrica.net Dit mag vrylik gedupliseer word.

2. Lees die Skrifgedeeltes

Lees elke dag ten minste die Skrifgedeeltes wat bo-aan elke dagstukkie gegee word. Indien jy net lees wat in die boodskap staan, gaan jy min seën en groei ervaar. Onthou, die belangrikste is om die Gees die geleentheid te gee om deur die Woord aan die woord te kom.

3. Bely sonde

Al word dit nie spesifiek by elke dagstukkie genoem nie, is dit uiters belangrik om deurgaans aandag te gee aan die vier belangrike sake wat in **2 Kronieke 7:14** genoem word:



- Laat die Heilige Gees berou in jou werk;
- Bid en bely alle sonde waarvan die Gees jou oortuig;
- Vra na die wil van die Here en gehoorsaam dit;
- Draai terug van jou bese weë. Draai jou rug op alles wat in die lig van die Woord nie God se goedkeuring wegdra nie.

4. **Gebedsriglyne**

Die gebedsriglyne is nie wettiese voorskrifte nie. Dis net riglyne. Lees en oordink die gedeelte vir elke dag. Bid dan oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas.

5. **Kweek die dissipline om te vas en gehoorsaam te wees**

Daar is verskeie goeie boeke op die mark oor vas en gebed. Lees dit gerus. Die 40-Dae Gebedsfokus is 'n ideale geleentheid om jou selfbeheersing en dissipline op te skerp. Jy kan soos Ester-hulle vir drie dae niks eet of drink nie (Ester 4:16), of soos Daniël en sy vriende net groente eet en water drink (Daniël 1:12).

Oorweeg dit om byvoorbeeld vir dié 40 dae te vas van iets waarvan jy baie hou: Drink geen koffie of Coke nie; eet geen lekkergoed of sjokolade nie; eet geen vleis of suiwel of brood nie. Jy kan ook besluit om nie 'n tweede bord kos te eet nie, geen tonikums te drink of ander stimulant te gebruik nie. Gebruik byvoorbeeld liever die tyd wat jy na 'n spesifieke TV-program sou kyk, om te bid. Daar is soveel moontlikhede. Dis belangrik om self by die Here te hoor wat jy/julle moet doen.

Dis nie net kos, TV, ensovoorts, wat ek en jy moet leer om soms te los nie. Ons moet leer om **altdag ons sonde en ongehoorsaamheid te los**. Ons moet vas van ons bese werke en breek met slegte gewoontes. Gebruik dus ook hierdie 40 dae om die dissipline van gehoorsaamheid aan te leer en in te oefen.



WAAR SAL ONS HULP VANDAAN KOM?

In die landbou is ons altyd op soek na hulp. Elke landbouer is verleë oor reën, beter pryse, laer insetkoste, meer effektiewe bekamping van diefstal en plaasaanvalle, asook groter beskerming teen die natuur (droogte, ryp, hael, oorstromings, brande, hittegolwe, stormwinde, klimaatsverandering, peste, plae en siektes). Om 'n bestaan te maak in 'n *oop fabriek*, sonder 'n dak en veiligheidsheining, is beslis nie so maklik soos dit van buite lyk nie.

Maar ons nood is veel groter as dit. Ons is ook verleë oor relevante kennis, wysheid en insig. Wat moet ons weet en wat kan ons maar ignoreer? Waar kry ons wysheid om die ingewikkelde probleme in die landbou op te los? By dit alles werk ons in die landbou **met** baie mense. Ons werk ook **saam met** mense. Boonop is ons self ook maar **net** mense met baie gebreke en swakhede. Mense met beperkte insig en begrip. Dit alles is 'n enorme uitdaging.

Maar daar is goeie nuus! Persoonlike hulp is beskikbaar - nommer pas planne, toegespits op jóú spesifieke plaas en omstandighede. Dié hulp word gerugsteun deur onbeperkte bronne. Boonop is die aansoek-prosedure eenvoudig. Jy kan op enige tyd en enige plek aansoek doen. Jy kan kniel, staan, sit, lê, loop, bestuur en/of werk terwyl jy aansoek doen. Geletterde en ongeletterde mense kan aansoek doen, want jy doen dit sommer mondelings. Jy kan in enige taal aansoek doen. Jy kan alleen aansoek doen, of saam met 'n klomp ander. Jy kan herhaaldelik aansoek doen ten opsigte van dieselfde probleem. Jy kan vir jouself én vir ander aansoek doen. Asof dit nie genoeg is nie, kry jy by die indiening van jou aansoek reeds die sekerheid dat jou aansoek suksesvol is, op grond van dit wat 'n goeie Vriend vir jou gedoen het.

As dit vir jou na 'n klomp nonsens klink, wil ek jou aanraai om maar weer jou Bybel baie mooi te gaan lees. Dit is presies wat die Bybel ons oor gebed leer. Gebed is God se geskenk aan sy kinders. Gebed is die kanaal waarlangs God sy onbeperkte hulp en seën standhoudend vanuit die hemel na sy kinders op die aarde wil laat vloei. Gebed is deur God aan ons gegee sodat ons enige iets van Hom kan vra. Die doel van



gebed is om te kry wat jy vra. God sê ons moet vra **sodat** Hy kan gee. **Sodat** Hy ons kan seën.

Die Bybel leer dat God deur mense werk. Dis een van die *God's Way*-beginsels waaraan *AMOS* glo. Hy werk in antwoord op die gebede van sy kinders. **Die sleutel tot Goddelike transformasie in die landbou, is gebed. God sal niks herstel, verander of vernuwe as ons dit nie in gebed van Hom vra nie. Wat gedurende die volgende dekade of twee in die landbou gaan gebeur, hang van ons gebede af.**

Gedurende die volgende 40 dae gaan ons ontdek hoe dwaas dit is om nie te bid nie. Jy gaan opnuut die vreugde en voorreg van gebed leer ken. Jy gaan die sonde van biddeloosheid oorwin. Jy gaan ontdek dat Jesus jou alles gegee het wat jy nodig het om deur jou gebede 'n Goddelike en blywende verskil in die landbou te maak. Jy gaan baie en uiteenlopende wonderwerke in antwoord op jou gebede sien gebeur. Jy gaan beleef hoe God jou gebruik om sy Koninkryk en sy heerskappy in die landbou 'n werklikheid te maak.

As jy dié groot voorreg waarvoor Jesus so 'n duur prys betaal het begin gebruik, gaan al jou verwagtinge oortref word. Hy gaan vir jou meer gee as wat jy vra. Hy gaan jou kragtiger gebruik as wat jy dink. Op grond van sy genade en onverdiende goedheid gaan Hy dit doen! Aan Hom kom toe die lof, dank en eer vir die verhooring van jou en my gebede.

Die **doel** van hierdie gebedsfokus is nie om jou meer kennis oor gebed te gee nie, maar om jou te inspireer om onophoudelik die voorreg van gebed te gebruik. Gebed in die Naam van Jesus is die sleutel tot landboutransformasie. Dis die sleutel tot die oplossing van elke landbouvraagstuk. Ek en jy moet *voor die troon boer*.

Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het (Psalm 121:2). Kom ons bid! Kom ons boer voor die troon.



DEEL 1

ONS GROOT VOORREG

Dag 1

Boer voor die Troon

Lees: 1 Tessalonisense 5:17

Ek waag dit om oor gebed te skryf net omdat die Here op 8 Oktober 2010 vir my die opdrag gegee het. Wat Hy in my gees gesê het, kom hierop neer: *Die sleutel tot landboutransformasie is gebed in die Naam van Jesus. Julle het die voorreg om, beklee met die geregtigheid van Jesus, gevul met sy Gees, in sy Naam, met vrymoedigheid in My teenwoordigheid te kom. Gebruik die voorreg. Boer voor My troon, en kyk wat Ek gaan doen.*

In Afrikaans het die woord *boer* meer as een betekenis. As ek sê: Ek is 'n *Boer*, dan is boer 'n selfstandige naamwoord. Dit sê wie ek is. Ek kan ook sê: Ek *boer*. Dan is boer 'n werkwoord. Dit sê wat ek doen. Maar die woord boer word ook op 'n ander manier gebruik. Ek kan sê: Gert *boer* op die rugbyveld; of Henrico *boer* by sy meisie; of Joanne *boer* voor die TV; of Retha *boer* op haar selfoon. Dan bedoel ek nie dat Gert groente of mielies op die rugbyveld plant, of dat Joanne hoenders in die huis voor die TV aanhou nie. In al vier gevalle dui die woord *boer* op iets wat die persoon baie, gereeld of aanhoudend doen. As jy dus vir Gert soek, gaan kyk heel eerste op die rugbyveld. Dis die plek waar hy die meeste is en waar jy hom heel waarskynlik sal kry.

Boer voor die troon het ook 'n dubbele betekenis. Dit beteken dat ek en jy gedurig daarvan bewus moet wees dat ons in die teenwoordigheid van God leef en boer. Hy sien alles wat ons doen. Dit behoort ons te help en te motiveer om alles tot sy eer te doen (1 Korintiërs 10:31). Maar die tweede betekenis van die uitdrukking *boer voor die troon* is presies dit wat in 1 Tessalonisense 5:17 staan: "*Bid gedurig. Bid sonder ophou.*" Ons sou kon sê dat die boerevertaling van 1 Tessalonisense



5:17 is: *Boer voor die troon*. Dit beteken ek en jy moet baie bid - gedurig bid. Ons moet dikwels met die Here praat. Soms moet ons tyd maak om lank en rustig te bid. Maar ons moet ook dikwels met Hom praat terwyl ons besig is om te boer en te werk. Ons moet gedurig sy raad vra en kort-kort dankie sê vir iets spesiaal wat Hy vir ons gee of doen. Ons moet Hom aanbid elke keer as ons in die skepping sien hoe slim en sterk Hy is.

Ons gaan gedurende die volgende 40 dae leer hoe om *voor die troon te boer*. Jy gaan ontdek hoeveel skade jy ly én veroorsaak as jy nie voor die troon boer nie. Maar jy gaan ook leer hoe geweldig groot die voorreg is wat jy het om gedurig direk in God se teenwoordigheid te kom. Jy gaan ervaar hoe God dinge in jou en om jou begin verander. Jou gebedslewe en jou boerdery gaan nooit weer dieselfde wees nie.

Kom ons gebruik dié voorreg en vra van God alles wat in hierdie tyd vir ons en die landbou nodig is. In die Bybel lees ons duidelik dat God gereed en begerig is om my en jou gebede te verhoor.

Gebed: *Vader, help my om met geloof en verwagting voor u troon te boer. Help my om nie net vir myself te bid nie, maar vir die hele landelike en boerderygemeenskap.*

Boer voor die troon en vra vir die bekering en/of geestelike groei, asook die volkome gehoorsaamheid van die hele landbou-gemeenskap.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Suid-Afrika.

Dag 2

Boer voor die Troon (2)

Lees: Hebreërs 9:1-7 en 10:19-20

God is op sy troon. Van daar heers en regeer Hy tot in alle ewigheid.



Wanneer ons uitgenooi word om *voor die troon te boer*, word ons uitgenooi om deur gebed in God se direkte teenwoordigheid te kom en self met Hom te praat.

Die uitnodiging staan in skille kontras met dit wat ons in die Ou Testament lees. In dié tyd het mense nie eers die voorreg gehad om persoonlik in die Allerheiligste van die Tabernakel of die tempel te kom nie. Kom ek verduidelik. In Eksodus 25-31 lees ons van die Tabernakel, ook genoem die Tent van Ontmoeting. Die Tabernakel was gebruik in die tyd toe Israel uit Egipte na die land Kanaän getrek het. Dit was 'n tent, sodat dit herhaaldelik opgeslaan en afgebreek kon word om saam met die volk te trek. [*Sien die skets en verduideliking op die volgende bladsy.*] Die Tabernakel was die simbool van **God se teenwoordigheid** by sy volk en dit was die fokuspunt van alle godsdienstige handeling. Dit was die plek waar God en mens ontmoet het.

Later lees ons van die Tempel wat Salomo in Jerusalem vir God gebou het (1 Konings 6) en nog later van die Tempel wat Herodus vir die Jode gebou het nadat die tempel van Salomo verwoes is (Johannes 2:20). In beide die Tabernakel en die twee tempels was daar 'n gedeelte wat die *binneste heiligdom* of die *Allerheiligste* genoem is. God was dáár teenwoordig.

Binne-in die Allerheiligste het die Ark van die Verbond gestaan. Binne-in hierdie houtkis (1.2m x 0.6m x 0.6m) wat met goud oorgetrek is, was die twee kliptafels waarop die Here self die tien gebooe geskryf het (Eksodus 32:15-16 en 34:1-2), asook die goue kruik met manna en die kiere van Aäron wat gebot het. Bo-op die deksel van die Verbondsark was twee goue engele. Hulle vlerke was uitgesprei oor die Verbondsark en was die simbool van **God se beskermende teenwoordigheid** (Hebreërs 9:4-5).

Slegs die hoëpriester is toegelaat om een dag per jaar in die Allerheiligste in te gaan (Levitikus 16). Hy moes eers offers vir sy eie sonde bring, en daarna kon hy in die Allerheiligste, in **God se teenwoordigheid** ingaan om 'n offer vir die sonde van die volk te bring. Die Heiligdom en die Allerheiligste is deur 'n swaar gordyn van mekaar geskei. Hierdie gordyn is die Voorhangsel genoem.



DIE TABERNAKEL

DIE BRONSWASKOM

is deur die priesters gebruik om hulle te was voordat offers gebring is.

DIE TENT VAN ONTMOETING


'n spesiale tent (13,7 meter x 4,5 meter x 4,5 meter) wat simboliseer dat God tussen sy volk kom woon het en dien as die fokus vir aanbidding en offers

DIE BRONSALTAAR

(2,2 vierkante meter x 1,3 meter hoog) met 'n vuur wat healtyd brand, gebruik vir daaglikse offers - elke oggend en middag.

DIE VOORHOF

(45,7 meter x 22,8 meter), met 'n hoë inneskerm wat die tabernakel omring.



DIE ALLERHEILIGSTE

(die agterste derde) bevat die ark van die verbond. Slegs die hoëpriester kon op die jaarlikse dag van versoening (Yom Kippur) die allerheiligste betree om 'n offer vir die volk se sondes te bring (Levitikus 16).



Die funksie van die Voorhangsel was om te keer dat sondige mense in die direkte **teenwoordigheid van** die heilige en sondelose **God** kom. Indien 'n sondige mens dit sou waag, sou hy of sy onmiddellik sterf.

As ek en jy nou in die Nuwe Testament herhaaldelik uitgenooi word om met vrymoedigheid na die troon van God te kom, uitgenooi word om *voor die troon te boer*, is dit duidelik dat iets radikaal moes verander het. Hoekom is ons nou **welkom in God se teenwoordigheid** terwyl dit vroeër ons dood sou beteken?

Die Bybel gee 'n baie duidelike antwoord: Jesus het die volmaakte offer vir ons sonde gebring deur Homself as offer aan die kruis te gee. Nou is geen verdere offers meer nodig nie. Sy bloed reinig ons van alle sonde. Om te bevestig hoe welkom ons nou deur Christus in God se teenwoordigheid is, het die Voorhangsel middeldeer geskeur die oomblik toe Jesus aan die kruis gesterf het (Matteus 27:51). Sonde skei ons nou nie meer van God nie, want Jesus het al ons sonde weggevat.

Dit beteken egter nie dat enige een sommer op enige manier as't ware by God kan instorm nie. God is heilig en sonder sonde. Daarom is dié voorreg beperk net tot dié mense wat in Jesus glo en deur Hom van alle sonde gereinig is (1 Johannes 1:7-9).

Glo jy in Jesus? Glo jy dat Hy deur sy offer aan die kruis al jou sonde weggeneem het? As jy dit nog nie glo nie, wil ek jou uitnoui om Jesus nou aan te neem. As jy dit reeds glo, is jy baie **welkom in God se direkte teenwoordigheid**. Dan nooi Hy jou uit om *voor sy troon te boer*.

Gebed: *Here Jesus, baie dankie vir u volmaakte offer. Dankie Vader dat ek nou altyd welkom in u teenwoordigheid is.*

Boer voor die troon en bid vir 'n gebedsherlewing in die landelike en boerderygemeenskap.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Lesotho.



Dag 3

Wie sit op die troon?

Lees: 2 Petrus 1:2-4

Op die troon sit ons God, en Hy het oop hande! Omdat die visie van *AMOS Living and Farming God's Way* is, is dit gepas om mekaar net eers weer te herinner aan een van die *God's Way*-beginsels waarby ons in die boekie *Basics*, wat in 2008 deur AMOS uitgegee is, stilgestaan het, naamlik: **Ons God is 'n God met oop hande. Alles wat God is en het, deel Hy met die mens.** Hy gee dit mildelik aan ons.

Volgens Genesis 1 deel Hy sy beeld, sy asem, sy skeppende vermoë en sy heerskappy oor die aarde met die mens. As ons die Ou Testament lees, sien ons dat God se hande nooit toegegaan het nie. Uit sy hande kom alles wat goed en mooi is. Hy gee sy raad aan mense en Hy deel sy regspraak met regters (2 Kronieke 19:7).

In die Nuwe Testament lees ons dat God sy enigste Seun aan ons gegee het (Johannes 3:16) en sy Gees gestuur het om in ons te kom woon (Handelinge 2:4 en Romeine 8:9). Só het Hy Homself aan ons gegee.

Christus het Homself aan ons gegee toe Hy met oop hande aan die kruis gehang het. Vanuit daardie oop hande vloei 'n stroom gawes en seëninge na ons toe – te veel om op te noem. Hy skenk ons sy vryspraak, heiligheid en geregtigheid (1 Korintiërs 1:30). Hy gee aan ons die verlossing wat Hy bewerk het. Hy deel sy oorwinning met ons. Nou is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat in ons leef (Romeine 8:39). Hy gee aan ons 'n hele verskeidenheid gawes van die Gees (1 Korintiërs 12:4-11 en 27-28; Romeine 12:4-8). Hy gee aan ons die mag om siekes gesond te maak en duiwels uit te dryf (Matteus 10:8; Lukas 10:1-3 17 en Markus 16:16-18). Hy deel sy vrede, blydschap, liefde en wysheid met ons (Johannes 14:27 en 15:11; Romeine 5:5; 1 Korintiërs 1:30 en Jakobus 1). Hy deel sy Naam met ons, ons word Christene genoem (Handelinge 11:26). In sy Naam kan ons enige iets van die Vader vra (Johannes 14:13-14). Hy skeur die voorhangsel en gee ons deur sy bloed vrye toegang tot die Allerheiligste – die troon van God (Hebreërs 10:19). Hy deel sy erfenis met ons. Ons



word sy mede-erfgename (Romeine 8:17). Hy deel sy reg om sonde te vergewe (Johannes 20:23) en Hy deel sy heerlikheid (Romeine 8:29-30). Hy deel selfs sy woonplek met ons. Hy het gegaan om vir ons plek gereed te maak, sodat ons kan wees waar Hy is (Johannes 14:3). Wanneer Hy weer kom, sal Hy sy reg om oor die wêreld en hemelwesens te oordeel, met ons deel (1 Korintiërs 6:2-3).

Het ons nog meer bewyse nodig om ons te oortuig dat God oop hande het? Beslis nie! Kom ons roep saam met Petrus uit: "*Sy goddelike krag het ons **alles geskenk** wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien...*" (2 Petrus 1:3-4).

Ek weet nie hoe klink dit vir jou nie, maar vir my klink dit na 'n God wat gebede wil en kan en sal verhoor! En dit is hierdie God wat jy gaan ontmoet as jy na die troon gaan.

Het ek en jy nog meer motivering nodig *om voor die troon te boer?*

Gebed: *Here God, ek is oorweldig met die ontdekking hoeveel ek reeds van U ontvang het. Laat ek tog nooit twyfel aan u bereidwilligheid om my gebede te verhoor nie.*

Boer voor die troon en bid vir groter dankbaarheid onder Christene, ten spyte van moeilike omstandighede. Dit is immers wat God verwag (1 Tessalonisense 5:18) en dis 'n kragtige getuienis teenoor die wêreld.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Swaziland.

Dag 4

Wat kry ons by die troon?

Lees: Hebreërs 4:14-16 en Lukas 11:9-13



God het so 'n oorweldigende liefde vir die mens en wil so graag in 'n intieme verhouding met die mens staan, dat net sonde Hom kan verhinder om dit te doen. Maar nou dat ons sonde deur Christus weggeneem is, kan niks God meer keer om sy goedheid, liefde, beskerming, hulp, ontferming en sorg oor ons te laat spoel nie. God is soos 'n sterk, opborrelende fontein van alles wat goed en mooi is. Van sy troon af vloei daar 'n standhoudende stroom seëninge. Jakobus getuig dat elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk van Hom af kom (Jakobus 1:17).

Ek het my nog nooit teen enige belediging of beskuldiging vasgeloop as ek na die troon van genade gaan nie. Inteendeel! Ek het nog altyd begrip gekry en hulp ontvang. Ek is nog altyd met ope arms verwelkom. In Hebreërs word ons aangemoedig *om voor sy troon te boer*. Kyk wat staan daar: *“Hierdie Hoëpriester van ons (dit is Jesus) kan ten volle met ons in ons swakhede saamvoel, want Hy moes presies dieselfde versoekings as ons trotseer – behalwe dat Hy nie voor die sonde geswig het nie. Kom ons gaan dan met volle vrymoedigheid na die troon van ons genadige God. Hy sal aan ons sy deernis en onverdiende goedheid bewys sodat ons op die regte tyd gehelp sal word”* (Hebreërs 4:15-16, Nuwe Lewende Vertaling).

Van die troon van God vloei nie net algemene seëninge na ons nie, maar ook spesifieke seëninge. God kan nie lieg nie. Hy bly gebind aan sy beloftes en sy betroubare karakter. Hy belowe op talle plekke in sy Woord dat Hy ons gebede sal verhoor. In Lukas, die gedeelte wat ons saam gelees het, gee Hy nie net drie opdragte om te bid nie, Hy gee ses beloftes dat ons gebede verhoor sal word (11:9-10).

Wat kry landbouers wat *voor die troon boer*? Die antwoord is **ALLES wat goed, wonderlik, spesiaal en nodig is! Ook die verhoring van hulle gebede! Alles wat hulle nie verdien nie, maar wat Christus reeds vir hulle verdien het.**

Omdat dit alles waar is, wil ek jou uitnooi: *Boer voor die troon!* Jy sal baie ontvang, want ons God is 'n God met 'n groot hart en oop hande!

Gebed: *Vader, dankie vir die stroom onverdiende goedheid wat van u troon af na my toe vloei. Dankie dat ek by U alles*



kry wat goed, wonderlik, spesiaal en nodig is vir die omstandighede waarin ek vandag is.

Boer voor die troon in belang van iemand (by die naam) in die landelike en/of boerderygemeenskap wat vandag 'n spesifieke behoefte het aan die hulp en seën van die Here.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Namibië.

Dag 5

Waarom maak gebed ons nie opgewonde nie?

Lees: Jakobus 1:6-7

Die voorreg om in gebed *voor die troon van God te boer*, behoort ons baie, baie opgewonde te maak. En tog is die teendeel waar. Baie Christene erken dat hulle gebedslewe oppervlakkig, vaal en voorspelbaar, asook 'n dooie roetine is. Daarom bid hulle slegs enkele minute per dag of selfs per week. Lang tye bid hulle glad nie.

Waar lê die probleem? Waarom is ons nie altyd opgewonde oor gebed nie? **Ons twyfel** of God regtig na ons gebede sal luister en of dit enige verskil gaan maak. Dit word 'n bouse kringloop.

Ons twyfel →

daarom ontvang ons nie (Jakobus 1:6-7) →

daarom verwaarloos ons gebed en vra nie →

omdat ons nie vra nie, ontvang ons nie (Jakobus 4:2)→

dit versterk weer ons twyfel en ongeloof →

en dit lei weer tot groter verwaarlosing van gebed →

en so kan ons aangaan.

Twyfel en ongeloof is dus die wortel van ons sukkelende gebedslewe. Maar agter dit lê nog 'n vraag: **Waarom twyfel ons** wanneer ons bid? Die antwoord is, so glo ek: **Ons dink dat ons op een of ander manier**



die verhooring van ons gebede moet verdien. En omdat ons nie seker is of óns genoeg gedoen het nie, twyfel ons of God ons sal verhoor.

Ons glo wel dat ons alleen uit genade, deur geloof in Christus gered is (Efesiërs 2:8-9). Ons glo dat ons nie ons verlossing deur goeie werke kon verdien nie (Romeine 3:22-28 en Galasiërs 2:16). Maar nou dat ons gered is op grond van Jesus se offer, sonder enige verdienste van ons kant, los ons die goeie boodskap van geloof en genade en keer ons terug na die wet, goeie werke en verdienste (vgl. Galasiërs 5:1). Nou wil ons weer die verhooring van ons gebede deur ons goeie werke probeer verdien. Wat ons verlossing aanbetref, leef ons dus onder die genade, maar wat ons gebedslewe aanbetref, leef ons onder die wet. Dit maak ons gebedslewe dood! Omdat die wet ons as sondaars veroordeel, voel ons skuldig. Omdat ons skuldig voel, verloor ons ons vrymoedigheid om te bid en twyfel ons of God na ons sal luister.

Ek en jy moet onthou:

- ✓ Op grond van Jesus se offer word ons deur geloof gered, nie op grond van óns werke of verdienste nie;
- ✓ Op grond van Jesus se offer kom ons deur geloof in God se teenwoordigheid, nie op grond van óns werke of verdienste nie;
- ✓ Op grond van Jesus se offer bid ons in sy Naam, nie op grond van óns werke of verdienste nie;
- ✓ Op grond van Jesus se offer verhoor God ons gebede, nie op grond van óns werke of verdienste nie.

Ek en jy kan dus altyd met geloof en sekerheid in gebed *voor God se troon boer*, want Hy luister op grond van wat Jesus vir óns gedoen het, nie op grond van wat óns vir Jesus doen nie.

Gebod: *Dankie Jesus, baie dankie vir u offer! Verlos my asseblief van twyfel en help my om te glo dat die Vader my gebede sal verhoor op grond van wat U gedoen het.*

Boer voor die troon in belang van alle landboueiers – dié op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak. Noem hulle wie se name jy ken voor die troon en vra spesifiek hoe jy wil hê die Vader hulle moet seën.



Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Botswana.

Dag 6

Jy hoef nie die verhoring van jou gebed te verdien nie

Lees: Johannes 14:13-14 en 15:16

Ek het al in meer as een boek oor gebed gelees dat wettiese godsdiens gebed doodmaak. Ek het dikwels vir die Here gevra of dit werklik waar is dat die meeste van ons wat glo dat ons uit genade gered is, terselfdertyd glo dat ons die verhoring van ons gebed deur goeie werke moet verdien. Met ander woorde, is dit waar dat die meeste van ons gelyktydig onder die genade en onder die wet leef? Ek wou weet of dit die rede is waarom ons so sukkel met ons gebedslewe – waarom dit so dood is. Dit was vir my moeilik om te aanvaar dat dit waar is, en ek het die Here gevra om dit aan my te bevestig. En Hy het dit gedoen - op 'n dag toe ek dit nie verwag het nie.

Eendag was ek nie lus om in my kantoor op die plaas te sit en dringende studie en skryfwerk te doen nie. Ek het saam met my personeel veld toe gegaan om Suidwesdoringbome, 'n indringerplant wat groot skade in ons omgewing aanrig, te gaan saag. Ek het bietjie skuldig gevoel, maar tog gegaan. Na 'n uur of wat het ek agtergekom dat my bril weg is. Dit het op een of ander manier óf tussen bome en takke, óf met die herhaalde opsit en afhaal van my veiligheidshoed in die veld verlore geraak. Almal het naorstiglik begin soek aangesien ek die volgende week op toer moes gaan en nie sonder my bril kan bestuur nie.

Ek het misrabel gevoel en myself verwyt. Ek moes nie kom bome saag het nie; ek móés eerder ... Ek was verleë oor die Here se hulp, maar het geen vrymoedigheid gehad om te bid nie. Binne in my het 'n gedagteoorlog begin woed. In my hart het die Gees my aangemoedig: *Bid en vra die Here se hulp*. Maar dan het ek weer die stemmetjie gehoor wat sê: *Jy het nie die reg om dit te doen nie. Jy is so sleg, jy verdien nie dat*



die Here jou help nie. Na alles moes jy nie kom bome saag het nie – dis jou eie skuld dat jou bril weg is. Jy is onverantwoordelik en jou bril is in elk geval nie vir God belangrik nie.

Terwyl ek en die werkers aanhou soek, het ek saggies en halfhartig gesê-vra: *Here gee asseblief my bril vir my.* Maar in my agterkop het ek reeds begin planne maak, want ek het geweet die Here behoort nie na my te luister nie – om verstaanbare redes natuurlik! Die soekery het voortgegaan, en so ook die gedagte-oorlog in my kop. Dit het soos 'n ewigheid gevoel.

Toe sê God deur sy Gees in my gedagte: *Jy is reg. Jy verdien nie dat Ek jou gebed moet verhoor nie. Maar Ek verhoor niemand se gebed omdat hý of sý dit verdien nie. Ek verhoor gebede op grond van wat Jesus deur sy offer vir julle gedoen het. Toets My. Kyk of dit waar is. En as dit waar is, moet jy my ander kinders ook gaan leer dat Ek hulle gebede wil en sal verhoor op grond van Jesus se werk aan die kruis, en nie omdat hulle dit verdien nie.*

Ek het op my knieë neergesak en hardop, met geloof en verwagting gebid: *Vader, geklee in die geregtigheid van Jesus, op grond van sy gehoorsaamheid en volmaakte verhouding met U, gevul met sy Gees, kom ek in sy Naam na U toe en vra dat U asseblief nou vir een van ons sal wys waar my bril is. Gee ook dat dit nog heel sal wees.* Oomblikke later het een van die werkers geroep: *Ek het dit! Ek het dit!*

My broer en suster in Christus: Jy hoef nie die verhoring van jou gebede te verdien nie. As jy dit probeer doen, is jy terug onder die wet. En dit maak jou gebedslewe dood. Hoe sal jy ooit weet of jy genoeg doen om te verseker dat God jou gebed verhoor? En as jy twyfel, ontvang jy niks (Jakobus 1:6-7). As ek en jy egter op Christus reken, kan ons altyd absoluut seker wees dat Hý wel genoeg gedoen het. Ons kan dus voor *die troon boer*, al voel ons hoe swak en al is ons ook hoe teleurgesteld in onself. Dis juis omdat ons in sulke groot nood verkeer dat ons in gebed voor *die troon móét boer*.

Gebed: *Vader, vergewe my dat ek so dikwels probeer het om die*



verhoring van my gebede te verdien. Dit het my moeg en moedeloos gemaak. Dankie dat ek dit nie langer hoef te doen nie.

Boer voor die troon in belang van die ministers van landbou, grondsake en landelike ontwikkeling, asook die onderskeie LUR'e.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Zimbabwe.

Dag 7

Ons traagheid om te bid

Lees: Matteus 26:36-46

Hoe groot en wonderlik die voorreg ookal is om in gebed *voor die troon te boer*, die realiteit is: Meer Christene en gemeentes se lewe word gekenmerk deur 'n gruwelike verwaarlosing van gebed, eerder as deur 'n dinamiese, passievolle gebedslewe.

As daar oor gebed en die verhoring van gebed gepraat word, is daar baie Christene wat nie lekker kan saampraat nie. Daar is baie Christene wat heel welsprekend is, maar as dit by gebed kom, sê hulle gou: *Ek kan nie hardop bid nie*. Daarom is gebedsbyeenkomste dié byeenkomste wat die swakste bygewoon word. Wanneer ons wel biduur hou, is dit meestal meer praat-ure as bid-ure. Om daaglik eendragtig in gebed te volhard soos die eerste gemeente in Handeling 2:42, is nie vandag 'n uitstaande kenmerk van die meeste gemeentes nie. Om vir 'n uur te bid, of soos Jesus 'n hele nag in gebed deur te bring (Lukas 5:16 en 6:12), is vir baie 'n vreemde idee. Ons dink nie eers daaraan om vir dae lank oor 'n spesifieke saak te vas en te bid soos Nehemia of Daniël nie (Nehemia 1:4 en Daniël 10:2-3 en 12).

Om gedurig te bid, is God se opdrag (1 Tessalonisense 5:17). Traagheid



om te bid, is ongehoorsaamheid. Ongehoorsaamheid is sonde, en daarom is biddeloosheid sonde. Maar, soos alle sonde, is dit ook dwaasheid, want die verwaarlosing van gebed laat ons skade ly. Dit maak dat ons sonder die hulp en seën van God in die landbou moet voortsukkel. Dit lei daartoe dat ons moet probeer boer sonder die wysheid en insig wat Hy so graag aan ons wil gee; sonder die tekens en wonders wat Hy bereid is om in ons belang te doen; sonder al die skatte en gawes waarmee Hy ons wil oorlaai. O, as ons maar kan insien hoe dwaas dit is om gebed te verwaarloos!

Christene se verwaarlosing van gebed en biddeloosheid is dié sonde wat waarskynlik die meeste storms, ellende en frustrasie in die landbou-gemeenskap veroorsaak – meer as die lelike dinge wat heidene doen. Dit is juis omdat Christene so fluks is om te kla, maar so traag is om te bid dat drinkery, afgodery, seksuele losbandigheid, leuens, gesinsgeweld, luiheid, diefstal, materialisme en swak arbeidsverhoudinge in die landbou so maklik floreer en soveel ellende veroorsaak. Net soos finansiële armoede tot fisiese gebrek lei, en bloedarmoede tot baie gesondheidsprobleme, net so veroorsaak gebedsarmoede allerhande probleme in die landbou en landbougemeenskap. Dis immers deur geloof en gebed dat die oorwinning wat Christus reeds oor die Bose en alle chaosmagte behaal het (Kolossense 2:15 en 1 Johannes 3:8b) ’n werklikheid in ons lewens word.

Om ons verwaarlosing van gebed as sonde te leer ken, is die eerste stap na ’n ware, volkome Goddelike verlossing van ons biddeloosheid. Elke herlewing wat daar al was, het gepaard gegaan met ’n dieper sondebeseft. Dis eers as ons beseft hoe groot ons sonde en ellende werklik is, dat ons smag na verlossing.

God praat nooit met sy *kinders* oor sonde nie, behalwe met die doel om hulle daarvan te verlos. Wanneer ek en jy met sonde worstel, ook die sonde van biddeloosheid, staan God nie voor ons met ’n beskuldigende vinger onder ons neus nie. Hy staan langs ons met ’n helpende hand. Hy begeer ons oorwinning oor sonde meer as wat ons dit self begeer.

Begin vandag om die Here te vra vir ’n herlewing in jou eie gebedslewe!



Gebed: *Vader, ek is skaam oor my gebedslewe. Ek erken dat my biddeloosheid een van die redes is waarom daar soveel probleme in die landbou is. Kom maak asseblief my gebedslewe nuut.*

Boer voor die troon in belang van alle Christen-landbouers. Bid dat hulle 24/7 in gehoorsaamheid aan God sal leef en die verantwoordelikheid sal aanvaar om vir die landbou te bid.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Mosambiek.



DEEL 2

DIE SONDE VAN BIDDELOOSHEID

Dag 8

Biddeloosheid is sonde, daarom moet dit bely en oorwin word

Lees: 1 Samuel 12:23

Ek gaan in die volgende paar dagstukkies dikwels die begrip biddeloosheid gebruik. Daarmee bedoel ek nie net dat iemand nóóit bid nie. Met die begrip biddeloosheid verwys ek ook na ons traagheid om te bid; ons verwaarlosing van gebed; die feit dat ons meestal min, haastig en baie kort bid, en dat ons gebedslewe alles behalwe in ooreenstemming met die voorbeeld van Jesus is.

Oorwinning oor 'n sonde begin by die belydenis van daardie spesifieke sonde. Solank as wat ons bly glo dat daar nie eintlik iets verkeerd is met ons gebedslewe nie, sal ons nooit van ons biddeloosheid verlos word nie. Solank ons nog nie oortuig is van die onberekenbare skade (Esegiël 22:30-31) wat ons en die landbougemeenskap ly as gevolg van ons oppervlakkige gebede nie, sal ons nie begeer om dit te verander nie. Dis eers wanneer ons tot die oortuiging gekom het dat biddeloosheid sonde is, dat ons werklik begeer om daarvan verlos te word. En verlossing is moontlik! Jesus het nie net gesterf om ons sondeskuld te vergewe nie, maar ook om ons van die mag van sonde te bevry (Kolossense 2:14-15).

Waarom is biddeloosheid sonde (vgl. 1 Samuel 12:23)? Daar is baie redes!

Biddeloosheid is sonde, want as ons nie bid nie, gebruik ek en jy nie die voorreg waarvoor Jesus só duur betaal het nie. Hy het aan die kruis gesterf sodat ons toegang tot God kan kry. ***Biddeloosheid is sonde***,



want dit beteken ek en jy is ongehoorsaam aan dit wat God ons uitdruklik beveel om te doen. **Biddeloosheid is sonde**, want dit wys dat ek en jy ons nie steur aan Jesus se voorbeeld nie. Ons maak nie tyd om te bid, soos Jesus tyd gemaak het nie. Ons dink ons het nie nodig om soveel tyd soos Hy in gebed deur te bring nie. **Biddeloosheid is sonde**, want dit is die gevolg van hoogmoed en afgodery. Ons is gode in ons eie oë en dink ons kan sonder God en sy hulp klaarkom. **Biddeloosheid is sonde**, want om nie vir ander te bid nie, wys ons gebrek aan liefde vir ons medemens. **Biddeloosheid is sonde**, want dis die vrug van ons ongeloof. Ons glo nie wat God oor Homself, of oor gebed in die Bybel sê nie.

Biddeloosheid is sonde, en vir sonde het Jesus baie duur betaal. Hy moes aan die kruis 'n vervloekte word (Galasiërs 3:13), óók as gevolg van my en jou verwaarlosing van gebed.

In die volgende paar oordenkings gaan ons by elkeen van bogenoemde stellings stilstaan. Gaandeweg sal die Gees ons daarvan bewus maak dat biddeloosheid baie meer as net 'n swak gewoonte is. Wanneer die Gees ons oortuig dat dit werklik 'n sonde met verwoestende gevolge is, sal die begeerte na oorwinning al sterker word. En oorwinning oor biddeloosheid is moontlik. Jesus Christus het dit oorwin, en Hy deel graag sy oorwinning met my en jou.

Meet om te weet: Hoeveel tyd spandeer jy in gebed? Voltooi die volgende sin: Ek spandeer gemiddeld minute per dag en minute / ure per week in gebed.

Gebed: *Vader, vergewe my dat ek nooit eers daaraan gedink het dat biddeloosheid sonde is nie. Vergewe my dat ek gedurig my biddeloosheid probeer regverdig, in plaas daarvan om dit te bely.*

Boer voor die troon in belang van almal wat verantwoordelik is vir die instandhouding van paaie, asook die effektiwiteit van kommunikasiestelsels (telefone, selfone en internet) op die



platteland.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Zambië.

Dag 9

Biddeloosheid is sonde, want jy gebruik nie die voorreg waarvoor Jesus só duur betaal het nie

Lees: Johannes 19:30, Matteus 27:50-51 en Hebreërs 10:10-22

Mense doen moeite om tog net die handtekening van een van hulle helde te kry. Meeste van ons sou wat wou gee om net een aand saam met een van ons musieksterre te gaan uiteet. As een of ander wêreldkampioen ons persoonlik uitnooi na sy huis, beskou ons dit as 'n groot voorreg. Ons hang dié foto op 'n plek waar almal dit kan sien. Maar elke Christen het 'n veel groter voorreg as om persoonlik in die teenwoordigheid van een of ander besondere mens te kom.

Om direk in God se teenwoordigheid te vertoef, is 'n voorreg wat alle ander voorregte ver oortref. Om met vrymoedigheid in God se heiligdom in te gaan, en daar voor sy troon van genade te wees (Hebreërs 4:15) is 'n onbeskryflike voorreg. Dis 'n besondere voorreg om self met die lewende God te praat. Maar om dit vir my en jou moontlik te maak, het Christus 'n baie duur prys betaal.

Om aan ons hierdie groot voorreg te gee, het Hy Homself as offer aan die kruis laat spyker. Hy het al ons sonde op Hom geneem en sý gehoorsaamheid en sý geregtigheid vir ons gegee (1 Korintiërs 1:30 en 2 Korintiërs 5:21). Hy het die wet, op grond waarvan ons skuldig was, kom wegneem. Hy het die skuldbewys waarop al ons sonde opgeskryf was, kom vernietig (Kolossense 2:14). Sy laaste woorde aan die kruis (Johannes 19:30) was: ***Tetelesthai!*** Dit beteken: *Dit is volbring!* Die woord is destyds op kwitansies geskryf of as mondelinge kwitansie gebruik. Met



hierdie uitroep het Jesus aan ons 'n kwitansie gegee; die versekering dat ons skuld ten volle betaal is.

Op daardie selfde oomblik het die voorhangsel in die tempel van bo na onder middeldeer geskeur (Matteus 27:51). Die voorhangsel was 'n swaar gordyn wat die Heiligdom en die Allerheiligste in die tempel van mekaar geskei het. Mense kon in die Heiligdom kom, maar slegs die hoëpriester kon in die Allerheiligste ingaan. Hy kon egter ook net een keer per jaar daar ingaan, en dit nadat hy al die nodige offers vir die volk en vir homself gebring het (Levitikus 16 en Hebreërs 9:1-9). Christus het dus met sy lewe betaal om die gordyn wat God en mens van mekaar geskei het, uit die pad te kry. Hy het dié versperring verwyder en self die lewende weg na God geword (Hebreërs 10:19-20).

Biddeloosheid is sonde, want wie nie bid nie, gebruik nie hierdie voorreg waarvoor Jesus só duur betaal het nie. Dit is dwaas om nie hierdie voorreg te benut nie. God se troon is immers 'n plek waar ons genade, barmhartigheid en hulp ontvang (Hebreërs 4:16). Dis die plek waar ons bemoedig en versterk word. Dis waar ons weer fisies en emosioneel gesond kan word. In God se teenwoordigheid is daar oorwinning oor elke probleem. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons gehelp kan word.

Deur **biddeloosheid sonde** te noem, wil ek jou nie laat skuldig voel nie. My en jou sonde van biddeloosheid is reeds volkome vergewe, maar die Gees maak ons daarvan bewus **sodat** ons dit deur geloof in Christus kan oorwin.

Gebed: *Here Jesus, my gebedslewe is 'n belediging vir die duur prys wat U betaal het om aan my die voorreg te gee om voor die troon te boer. Vergewe my en gee my asseblief oorwinning oor hierdie sonde.*

Boer voor die troon in belang van almal wat drank misbruik en/of aan dwelms verslaaf is. Bid vir spesifieke mense. Vra die Here om jou te wys hoe jy hulle kan help. Bid teen die gevolge van drankmisbruik, naamlik: verhoudingsprobleme, gesinsverbrokkeling, misdaad, geweld en armoede.



Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Malawi.

Dag 10
Biddeloosheid is sonde,
want dit beteken jy is ongehoorsaam aan God se
opdrag

Lees: Lukas 11:9-13 en 18:1, asook 1 Tessalonisense 5:16-18

Kinders doen verkeerd wanneer hulle nie hulle huiswerk doen nie. Werknemers doen verkeerd wanneer hulle nie hul werkgever se opdragte uitvoer nie. 'n Motorbestuurder is skuldig as hy nie die verkeersreëls gehoorsaam nie. Net so doen ons verkeerd wanneer ons nie die opdragte van die Here gehoorsaam nie. Al sy bevele is tot ons voordeel en ongehoorsaamheid daaraan is tot ons nadeel. Maar ongehoorsaamheid aan God is ook 'n teken van disrespek en 'n gebrek aan liefde vir Hom (1 Johannes 5:3). Sonde is dus nie net die lelike en liefdelose dinge wat ons doen nie. Dit is ook die goeie en liefdevolle dinge wat ons nié doen nie.

In 1 Tessalonisense 5:16-18 gee Paulus 'n opsomming van dit wat God van Christene verwag: blydskap, onophoudelike gebed en dankbaarheid. Gebed, en nogmaals gebed is God se wil en begeerte vir sy kinders. Dis ook waarom Jesus die verhaal in Lukas 18 vertel het. Lukas sê Jesus het die verhaal vertel om dit duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word.

Wanneer Jesus in Lukas 11 onderrig oor gebed gee, sê Hy in vers 9: vra, soek, en klop. In al drie gevalle beloof Hy dat ons nie teleurgesteld sal wees as ons dit doen nie. In vers 10 herhaal Hy die belofte. Hy gee dus die opdrag om te bid drie keer, maar belowe ses keer dat ons gebede verhoor sal word. Dis duidelik dat Jesus wil hê daar moet geen onsekerheid by God se kinders wees nie. Ons móét bid, en God sál verhoor!



Om gedurig te bid, beteken om *voor die troon van God te boer*. Dit beteken om deur die dag kort-kort met God te praat. Wanneer jy bang of bekommerd is, sê dit vir Hom. Wanneer jy sukkel om iets reg te kry, vra God se hulp. Wanneer jy nie weet hoe om op te tree teenoor iemand wat jou gedurig kwaad maak nie, vra God se raad. Wanneer jy mense sien wat aan drank verslaaf is, bid vir hulle verlossing. Wanneer jy lus is om te vloek of na pornografie te kyk, vra die Here se beskerming. Wanneer jy 'n besluit moet neem, vra vir Hom wysheid en insig.

Gebed moet kenmerkend van ons hele lewe wees. Ons moet *voor die troon boer*. Die vraag is nie of ek en jy dink gebed is belangrik nie. Die Here sê ons moet gedurig bid. Hy weet hoekom dit so belangrik is. Hy wil hê ons moet bid sodat Hy kan gee! Hy geniet dit om goeie goed aan al sy kinders te gee.

As ons ongehoorsaam is, doen ons sonde. Dan het ons God nie lief nie. Biddeloosheid is dus veel meer as 'n swak gewoonte. Dis sonde. Deur **biddeloosheid sonde** te noem, wil ek jou nie laat skuldig voel nie. My en jou sonde van biddeloosheid is reeds volkome vergewe, maar die Gees maak ons daarvan bewus **sodat** ons dit deur geloof in Christus kan oorwin.

Gebed: *Vader, maak my en my huis altyd bly, getrou in gebed en dankbaar in alle omstandighede.*

Boer voor die troon in belang van die vroue en kinders in die landelike en boerderygemeenskap. Hulle verkeer dikwels in groot nood.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Tanzanië.



Dag 11

Biddeloosheid is sonde,

want dan steur jy jou nie aan Jesus se voorbeeld nie

Lees: Markus 1:32-36 en 1 Johannes 2:6

Alle verhoudings is op kommunikasie gebou. Sonder kommunikasie kan daar geen sprake van enige verhouding wees nie. Gebed is kommunikasie met God. 'n Goeie verhouding met God word sigbaar in voortdurende kommunikasie met God, voortdurende gebed. Dink maar aan die lewe van Jesus.

Hy het nie net vir ons kom sê hoe om te lewe nie. Hy het vir ons kom wys wat is die heel beste manier van lewe. Hy het nie net dikwels gesê dat óns moet bid nie, Hy het Homself altyd weer afgesonder om te bid (Lukas 5:16). Jesus het sommer baie tyd in gebed deurgebring. Ook wat sy gebedslewe betref, moet ons sy voorbeeld volg.

Jesus het tyd gemaak om te bid, te midde van 'n propvol program. In Markus 1:32-36 lees ons hoe Hy tot laat in die aand gewerk het. Ons kan aanvaar dat die baie genesings en die uitdryf van duiwels sy krag en energie getap het (vgl. Markus 5:30). Vroeg die volgende môre het die mense Hom alweer gesoek. Sy program was propvol. Nogtans het Hy tyd gemaak om te bid. Hy het lank voor dagbreek opgestaan en uitgegaan na 'n eensame plek om daar te bid.

Ons is ook besige mense. Mense met oorvol programme. Daar is soveel dinge wat aanspraak maak op ons tyd en aandag: mense, werk, kinders en die TV, om maar net 'n paar te noem. Daarom het ons nie tyd vir bid nie, selfs nie eers as ons op vakansie is nie. Ons program bly oorvol, dis net die goed op ons program wat gedurende 'n vakansie verander. Intussen wag God tevergeefs op ons aandag en tyd. Hy wil so graag hê ons moet met Hom in gesprek tree. Hy wil ons oorlaai met seën en krag vanuit die hemel, maar ons bly te besig. Net soos Jesus, moet ons tyd maak om te bid te midde van 'n propvol program. Wie dit nie doen nie, ignoreer Jesus se voorbeeld (1 Johannes 2:6), sondig teen



die Here en benadeel homself.

Jesus het altyd en in alle omstandighede tyd gemaak om te bid. Net soos Jesus moet ek en jy ook tyd maak om te bid ...

- ✓ Te midde van 'n propvol program (Markus 1:32-36);
- ✓ Wanneer almal jou raad en hulp soek (Lukas 5:15-16);
- ✓ Voor jy belangrike besluite neem (Lukas 6:12-13);
- ✓ Wanneer jy met mense moet praat oor dinge wat hulle sukkel om te verstaan (Lukas 8:18-22);
- ✓ Wanneer jy moeg is na 'n harde dag se werk (Markus 6:31-49);
- ✓ Wanneer tyd baie min en kosbaar is. [Toe dit tyd geword het vir Jesus om aan die kruis te sterf, het Hy die kosbare tydjie wat oor was, gebruik om vir sy dissipels en vir ons te bid (Johannes 17)];
- ✓ Wanneer die stryd met die Bose op sy felste is (Lukas 22:39-46).

Jesus se hele lewe wys vir ons hoe belangrik dit is om gedurig te bid. Dit is baie verkeerd om jou nie aan sy voorbeeld te steur nie. Die ***verwaarlosing van gebed is sonde, maar jy kan dit oorwin***. Jesus leef mos in jou, en Hy het reeds die mag en houvas wat sonde op jou het, gebreek. Hy het die versoeking om gebed te verwaarloos elke dag van sy lewe oorwin. Hy kan en sal jou help om dit ook te doen.

Gebed: *Here Jesus, ek begeer u gebedslewe. Kom leef asseblief u gebedslewe ook in en deur my.*

Boer voor die troon in belang van Christelike kerke op die platteland en in landelike gebiede. Vra dat hulle biddende gemeentes sal wees en effektief sal uitreik na ongeredde mense.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Angola.



Dag 12
Biddeloosheid is sonde,
want jy is verwaand as jy dink jy kan sonder God en
sy hulp klaarkom

Lees: Matteus 5:1 en Jakobus 4:1-6

Wat ons glo, word sigbaar in wat ons doen. Die min of die baie tyd wat ons in gebed spandeer, wys wat die oortuiging in ons hart is. As ons sonder ophou bid (1 Tessalonisense 5:17), weerspieël dit ons totale afhanklikheid van God. Ons onophoudelike kommunikasie met God wys ook dat ons 'n gesonde en oop verhouding met Hom het. As ons maar so af en toe, uit gewoonte, 'n paar oomblikke bid, is dit duidelik dat ons dink ons kan eintlik sonder God en sy hulp klaarkom. Al ontken ek en jy dit ten sterkste, as ons nie gedurig tot God bid nie, is ons verwaand en hoogmoedig.

Volgens die Bybel is dié mense geseënd wat weet hoe afhanklik hulle van God is (Matteus 5:3). Die mense wat te veel van hulleself dink, het God as hulle Teenstander (Jakobus 4:6). Sy raad is nie vir hulle belangrik nie, daarom vra hulle dit nie. Hulle het sy hulp nie nodig nie, daarom soek hulle dit nie. Mense wat weet hoe afhanklik hulle van God is, bid gedurig. Hulle *boer voor die troon* van God. Mense wat dink hulle kan sonder God en sy hulp klaarkom, bid selde of ooit.

Biddeloosheid is dus die simptoom van 'n ernstige geestelike siekte: hoogmoed en verwaandheid. Ons dink ons kan heel goed sonder God, en daarom ook sonder gebed, klaarkom. Ons vertrou op onself. Ons vertrou op óns rykdom, óns wysheid, óns krag, óns gesondheid, óns wetenskap, óns tegnologie, óns voorspellings, óns planne en óns spanne, óns polisse en mediese fondse. Hoewel dié goed op sigself nie noodwendig verkeerd is nie, verlei dit ons maklik om daarop te vertrou en nie op God nie. Ons gebruik God soos 'n spaarwiel. Ons roep net tot Hom as hierdie ander goed nie meer werk nie en ons regtig in die moeilikheid is.



Die verwaarlosing van gebed is sonde, maar ook die gevolg van die sonde van hoogmoed en verwaandheid. Deur **biddeloosheid sonde** te noem, wil ek jou nie laat skuldig voel nie. My en jou sonde van biddeloosheid is reeds volkome vergewe, maar die Gees maak ons daarvan bewus **sodat** ons dit deur geloof in Christus kan oorwin. Hy wil soveel meer vir ons gee, as ons maar net wil vra.

Gebed: *Vader, vergewe my dat ek dikwels sonder U en u hulp probeer klaarkom, sonder dat ek dit eers agterkom. Ek bely dat ek altyd in alles van U afhanklik is.*

Boer voor die troon in belang van landbouers se finansiële posisie. Praat met die Here oor finansiële besluite en bestuur; die landbou se groot skuld; die armoede van 'n groot deel van die landelike gemeenskap en die kwynende ekonomie van meeste plattelandse dorpie.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in die DRK.

Dag 13

Biddeloosheid is sonde, **want dit is die vrug van ongeloof**

Lees: Lukas 18:1-8 en Hebreërs 11:6, asook Jakobus 1:6-7

Die hele Bybel is een groot uitnodiging van God aan die mens om in verhouding met Hom te leef. Dis vol uitnodigings om te bid; die Here aan te roep; sy hulp te vra in tye van nood; vir Hom alles te vra wat jy daagliks nodig het; al jou bekommernisse in gebed na Hom te bring, ensovoorts. Maar waarom bid mense dan so min, of selfs glad nie? Die antwoord is eenvoudig: *Hulle glo nie in gebed nie, want hulle glo nie in God nie*. Hulle glo moontlik in 'n god, in 'n onpersoonlike hoër hand, in 'n bonatuurlike mag, of so iets. Maar hulle glo nie in die Here God, die Almagtige nie. Hulle glo nie in die God van die Bybel wat 'n persoonlike



verhouding met sy kinders het nie. *Hulle glo nie dat God is wie Hy sê Hy is nie.* Hulle het hul eie idees oor God. Hulle dink vir hulleself 'n god uit. Hulle besluit wie Hy is en wat Hy kan doen. Hulle aanvaar nie dit wat God oor Homself in die Bybel sê nie, want hulle lees en bestudeer nie die Bybel nie.

As jy nie 'n persoonlike verhouding met God het nie; as jy Hom nie ken as jou Vader nie; as jy nie glo dat Hy is wie Hy sê Hy is nie; nie glo dat Hy jou liefhet en dat Hy almagtig is nie; as jy nie glo dat Hy besluit het om sy seën en goedheid net in antwoord op die gebede van sy kinders te gee nie, waarom sal jy dan bid? Dan is gebed mos om met jouself te praat. Dit maak nie sin nie. Jy is juis in die moeilikheid omdat jy jouself nie kan help nie. As jy oortuig is dat God in elk geval sy seën en goedheid aan mense sal gee al vra hulle dit nie, waarom sal jy dan moeite doen om te bid? Wat nog te sê van aanhou bid?

In Lukas 18 vertel Jesus 'n verhaal om ons te leer om altyd aan te hou bid, sonder om moedeloos te word. Daardeur het Jesus ons geleer dat gebed nie altyd kitsresultate lewer nie. Hy weet die versoeking is groot om op te hou bid wanneer dit vir jou voel of God Hom nie aan jou gebed steur en nie vir jou wil gee wat jy vra nie. Jesus sê dat jy, wanneer jy só voel, moet aanhou bid. Jy moet God onophoudelik "lastig val" met jou saak. Jy moet dag en nag tot Hom roep. Jy moet *voor die troon van God boer*. Jy sal dit alleen doen as jy werklik glo. Dit is dan ook die rede waarom Jesus aan die einde van die verhaal die vraag vra: *Sal die Seun van die Mens, wanneer Hy kom, geloof op die aarde vind?* Dis nie maar 'n algemene vraag nie. Dis 'n spesifieke vraag wat in verband staan met volhardende gebed. As ek en jy *voor die troon van God bly boer*, sal ons optrede wys dat ons werklik in God glo.

Wie nie werklik glo dat God is wie Hy sê Hy is nie, wie nie werklik die Bybel glo nie, sal dit nooit regkry om dag en nag te volhard in gebed nie. Biddeloosheid is dus die gevolg van 'n dieperliggende probleem: ongeloof! Ongeloof is sonde. Daarom is ***biddeloosheid sonde***. As jy ongeloof wil oorwin, begin onderstaande gebed herhaaldelik te bid:

Gebed: *Here, help my om te glo dat U is wie U sê U is. Help my*



*om te glo dat U steeds kan doen wat U in die verlede
gedoen het. Help my om te glo dat U alles kan, wil en sal
doen wat U belowe het.*

Boer voor die troon in belang van die huwelike en gesinslewe van die
landbougemeenskap. Bid vir die talle enkelouergesinne,
asook vir sake soos waardes en norme, gesag en dissipline,
seksuele reinheid en huwelikstrou.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in die Kongo.

Dag 14

Biddeloosheid is sonde,

want dit is liefdeloos teenoor mense in nood

Lees: Kolossense 1:9a en 1 Tessalonisense 1:2-3

Ek het eendag saam met 'n boer en sy vrou gebid. Na die tyd het die boer vir my gesê: *Sjoe! Wat 'n voorreg dat iemand my naam voor die Here noem.* Dit het my opnuut laat besef: Ek is wat ek vandag is, (ook, of miskien veral) op grond van die gebede van ouers en ander gelowiges wat my naam gedurig in gebed voor God noem – nie omdat my naam op een of ander gebedslys staan nie, maar omdat hulle my life het. Maar wat van die baie mense in jou gemeenskap of saam met jou in die boerdery wat nie biddende ouers of vriende het nie? Wie bid vir hulle? Wie noem hulle name voor die troon en vra dat hulle gered en gehelp sal word?

Ek onthou dat dr. Andrew Murray in een van sy boeke die voorbeeld van twee sakemanne gebruik het. Die een se winste was net genoeg om sy gesin te versorg en darem sy besigheid aan die gang te hou. Hy was tevrede en wou niks meer doen nie. Die ander sakeman het nie net aan homself gedink nie. *Liefde het gemaak* dat hy ook die nood van werkloses rondom hom raakgesien het. Hy het die vermoë en



geleenthede wat die Here hom gegee het, ten volle gebruik en baie harder as die eerste sakeman gewerk. Hy het op 'n eerlike manier genoeg wins gemaak om sy besigheid uit te brei, werk te skep en ook ander mense te help.

Net so, sê Murray, is daar Christene wat net genoeg bid om self staande te bly. Hulle gebede draai net om hulleself. Hulle is nie só lief vir die ander mense dat hulle ook die seën van die Here op hulle afsmeek nie. Die groot voorreg wat die Here Jesus vir hulle gegee het om dag en nag direk met die Vader te praat en enige iets in sy Naam te vra, gebruik hulle net vir hulleself, en miskien ook vir hulle gesin. Maar hulle dink nooit daaraan om hierdie voorreg ook te benut om iets vir die hele plaas- en landbougemeenskap te vra nie.

Mag ek jou reguit vra: Het jy ander mense só lief dat jy hulle name gereeld vir die Vader noem? Het jy hulle só lief, dat jy in hulle belang *voor die troon boer*? Voel jy hulle nood só aan jou eie lyf dat jy net nie anders kan as om gedurig vir hulle te bid nie?

As jy met jou hande en jou geld iets vir 'n gemeenskap wil doen, sal jy gou agterkom hoe min jy kan doen. As jy in belang van jou gemeenskap *voor die troon boer*, is daar geen beperking op wat God in antwoord op jou gebede kan doen nie.

Om gebed vir ander te verwaarloos, is liefdeloos. Daarom is dit sonde. Maar ek bevestig dit nogeens: Deur **biddeloosheid sonde** te noem, wil ek jou nie laat skuldig voel nie. My en jou sonde van biddeloosheid is reeds volkome vergewe, maar die Gees maak ons daarvan bewus **sodat** ons dit deur geloof in Christus kan oorwin.

Gebed: *Vader, gee my u hart vir mense in nood. Laat ek ook in hulle belang voor u troon boer, en nie net bid oor my eie behoeftes nie.*

Boer voor die troon in belang van elke gemeenskap en gesin wat in nood verkeer. Bid veral vir effektiewe gemeentes wat die waarheid verkondig en leef. Bid ook vir werkskepping en



behuising, sanitasie en skoon water, asook toeganklike en effektiewe mediese sorg.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Rwanda.

Dag 15

Biddeloosheid is sonde,

want dit is liefdeloos teenoor mense in nood (2)

Lees: Lukas 11:5-8 en Handeling 3:4-8

In Lukas 11:5-8 vertel Jesus 'n kort verhaal om te verduidelik wat ons moet doen **as ons niks het** waarmee ons die nood van 'n vriend kan verlig nie. Wanneer óns niks het nie, sê Jesus, moet ons aan die deur van ons ryk Vriend gaan klop. Dan moet ons *voor die troon van genade boer*, totdat God die deur vir ons oopmaak en iets aan die nood van ons vriend doen. Ons moet beslis nie ons vriend in nood wegstuur omdat óns niks het om vir hom te gee nie.

Die vraag is: Is jy lief vir jou personeel en jou gemeenskap? Is hulle jou vriende? Is jy lief vir almal rondom jou wat in nood verkeer? Voel jy oorweldig as jy daaraan dink dat:

- meer as 3000 mense in jou gemeenskap van drank en dwelms verlos moet word?
- meer as 5000 kinders teen gesinsgeweld beskerm moet word?
- werkseleenthede vir meer as 40% van die gemeenskap geskep moet word?
- honderde huwelike herstel moet word?
- vaardighede en leierskap op groot skaal ontwikkel moet word?
- meer en meer kinders by misdad betrokke raak?
- 60% van die graad-twaalfts spesiaal gehelp moet word, anders sal hulle nooit matriek slaag nie?
- En so kan ons aangaan.



Wel, as jy oorweldig voel deur nood van só 'n omvang, is jy op dieselfde punt as Petrus in Handeling 3 en die man in Lukas 11. Laasgenoemde het bely: **Ek het niks ...** Maar hy het nie sy leë hande as verskoning gebruik nie, want hy was baie lief vir hierdie vriend van hom wat in nood was. Toe het hy daaraan gedink dat hy mos nog 'n vriend het. Een in wie se oë hy kon kyk. Daarom het hy opgestaan en, selfs al was dit in die middel van die nag, met vasberadenheid aan sy vriend se deur gaan klop.

As ek en jy die mense in ons gemeenskap liefhet, sal ons nie allerhande verskonings hê waarom ons niks aan hulle nood kan doen nie. Ons sal ook opstaan en selfs in die nag *voor die troon gaan boer*. Ons sal aanhou bid totdat God die lot van ons gemeenskap verander.

As jy nie vir ander bid nie, het jy hulle nie lief nie. Biddeloosheid is dus die gevolg van 'n dieperliggende probleem: liefdeloosheid! En liefdeloosheid is sonde. Daarom is **biddeloosheid ook sonde. Maar jy kan biddeloosheid oorwin.** Vra opnuut dat die Here sy liefde vir mense, en veral vir sondaars, in jou lewe sal bly uitstort.

Gebed: *Vader, al kan ek net 'n bietjie met my geld en hande doen, dank ek U dat daar geen beperking is op wat ek deur gebed aan die nood van mense kan doen nie. Laat ek tog nie help sonder om te bid nie, en laat ek nie bid sonder om te help nie.*

Boer voor die troon in belang van die dorp- en landbougemeenskap waar jy woon en boer. Praat met die Vader oor hulle fisiese én geestelike nood. Vra dat die Here jou sal wys waar en hoe jy moet help om dit aan te spreek.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Burundi.



DEEL 3

OORWINNING OOR BIDDELOOSHEID!

Dag 16

Om te oorwin, moet ons nuut dink!

Lees: Romeine 12:1-2 en Spreuke 4:23

Hoe jy leef, word bepaal deur dit wat jy diep in jou hart glo. Mense is geldgierig omdat hulle *oortuig* is dat geld die belangrikste ding in die lewe is. Ander is rassisties omdat hulle *glo* dat die volk waaraan hulle behoort beter is as ander volke. Iemand se *siening* van die huwelik bepaal of hy gaan trou, en indien wel, hoe hy in die huwelik gaan optree. Die *oortuigings* in jou hart word altyd sigbaar in die manier hoe jy leef. Dieselfde geld vir gebed. My en jou gebedslewe lyk soos dit lyk, omdat ons oor gebed glo wat ons glo. As ons probleme in ons gebedslewe het, wys dit dat ons sekere verkeerde opvattinge oor gebed het.

Kom ek noem een maklike voorbeeld. Ons as landbouers is van nature besige mense – doeners en planmakers, mense van aksie. Daarom *voel* dit maklik vir ons na tydmors om lang tye in gebed deur te bring. Solank dít die *oortuiging* in ons hart is, sal ons dit nie regkry om biddeloosheid te oorwin nie.

Ons **denke** moet eers verander, dan sal ons gebedslewe ook verander. As ons soos Jesus oor gebed dink, sal ons soos Jesus begin bid. God moet die manier waarop ons oor gebed dink, kom verander en vernuwe in ooreenstemming met wat die Bybel oor gebed leer. Dan sal ons weet wat die HERE se goeie, welgevallige en volmaakte wil oor gebed is. Hierdie **waarheid** sal ons vrymaak van 'n biddelose lewe.

Gebed: *Vader, vergewe al my wanopvattinge oor gebed. Verander en vernuwe my denke oor gebed totdat ek soos Jesus oor gebed dink.*



Boer voor die troon in belang van die grondhervormingsproses en al die verwante sake. Bid vir wysheid, die regte gesindhede, wen-wen oplossings, effektiewe opleiding en goeie samewerking tussen alle rolspelers.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Uganda.

Dag 17

Dink nuut oor die sonde van biddeloosheid: Dis verskriklik, maar dis reeds vergewe!

Lees: Spreuke 28:13, Hebreërs 10:11-14 en 1 Johannes 1:7-9

John Newton, die man wat die baie bekende lied **Amazing Grace** geskryf het, was eers 'n slawehandelaar en selfs kaptein van een van die skepe wat slawe van Afrika na Amerika vervoer het. Later het hy tot bekering gekom en 'n dominee geword. Teen die einde van sy lewe het hy aan 'n vriend gesê dat hy byna niks meer kan onthou nie, behalwe twee dinge: *That I am a great sinner, and that Christ is a great Savior*. Omdat John Newton geweet het hoe 'n fantastiese en volkome Verlosser Jesus is, het hy die moed gehad om sy sonde in die oë te kyk en dit te erken. Hy het geweet sy Verlosser is groter as sy grootste sonde.

Omdat ons dikwels vergeet hoe groot en sterk Jesus ons Verlosser is, dink ons dis makliker om sonde te oorwin as ons dit ontken, mooi name gee, of dit afwater en maak asof dit nie so erg is nie. Dis 'n leuen! Dis onmoontlik om só van sonde ontslae te raak. Hierdie benadering sal ons nie help om met meer vrymoedigheid te bid nie. Moet dus nie die verwaarlosing van jou gebedslewe probeer goedpraat of verdedig nie. Só gaan jy nie oorwinning kry nie.

Laat God jou denke verander. Die enigste sonde wat ek en jy suksesvol kan oorwin, is sonde wat reeds volkome vergewe is. Dis onmoontlik om



los te kom van die houvas wat sonde op ons het, as ons nog nie eers vrygekom het van die skuld van ons sonde nie.

Daar is geen ander oplossing vir sonde nie: dit moet óf vergewe word, óf dit bly staan tussen ons en God. Alleen die offer van Jesus maak vergewing *moontlik*. Alleen geloof in Jesus maak vergewing 'n *werklikheid*. Kom ons is eerlik en erken hoe groot ons sonde en ellende is. Kom ons bely ons biddeloosheid, want ons het 'n magtige Verlosser.

Die Woord leer ons: *"Geseënd is die mense wie se oortredinge nie gestraf word nie en wie se sonde vergewe word. Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie"* (Romeine 4:7-8). Maar God vergewe nie ons sonde omdat dit na alles nie só erg is nie. Ons weet teen hierdie tyd dat biddeloosheid geen geringe sonde is nie. God vergewe ons slegs omdat Jesus reeds die straf op ons sonde gedra het. *"Hy is geslaan en gepynig ter wille van ons sondes. Hy is gestraf sodat ons in vrede kon leef. Hy is geslaan sodat ons gesond kon word. Almal van ons het weggedwaal soos 'n klomp skape. Ons het God se paaie verlaat om ons eie te volg. En toe het die HERE ons almal se skuld en sondes op hom laat neerkom"* (Jesaja 53:5-6. Nuwe Lewende Vertaling).

Ek en jy kan dus biddeloosheid oorwin ...

- As ons dít erken en bely, in plaas van goedpraat;
- Omdat ons absoluut seker is dat God ons dié sonde vergewe het;
- Omdat ons absoluut seker is dat God vir ons is (Romeine 8:31). Hy is nie meer teen ons as gevolg van ons sonde nie. Hy staan nie voor ons met 'n beskuldigende vinger nie, maar langs ons met 'n helpende hand, want Hy wil bitter graag hê ons moet *voor sy troon boer*.

Gebed: *Here Jesus, my gebedslewe is 'n skande. Ek erken dit, maar dank U dat U my reeds volkome vergewe het. Dit help en motiveer my om my biddeloosheid te oorwin.*



Boer voor die troon in belang van almal wat verbitterd en onvergewensgesind is, ongeag wat die oorsaak is. Bid dat Christene die eerste sal wees om ander te vergewe, omdat God hulle in Christus Jesus vergewe het (Efesiërs 4:32).

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Kenia.

Dag 18

Dink nuut oor die mag en houvas wat sonde op ons het: Dis klaar gebreek!

Lees: Hebreërs 2:18 en 4:15, asook 1 Johannes 3:8b

Die duiwel vrees mense wat *voor die troon boer*. Hy ken die krag van gebed en die vernietigende gevolge wat dit vir hom en sy werk inhou. Daarom probeer hy altyd alles in sy vermoë om te voorkom dat Christene bid. Daagliks versoek hy my en jou op elke denkbare manier om gebed op die agtergrond te skuif en net op werk te fokus. Meestal gee ons maklik toe aan hierdie versoeking. Ons kry gou-gou 'n rede om dringend iets te *doen*, sodra ons moet bid. Hoe kry ons, wat so gewoon daaraan is om gebed af te skeep, dit reg om hierdie traagheid in gebed te oorwin? Is oorwinning moontlik?

Ja beslis, want Jesus het reeds hierdie versoeking oorwin en die houvas wat biddeloosheid op ons het, gebreek. In Hebreërs 4:15 lees ons dat Hy die krag van elke versoeking waarmee ons worstel, self ook ervaar het. Ons kan dus 100% seker wees dat die duiwel beslis sy bes probeer het om te voorkom dat Jesus gedurig in gesprek met sy Vader tree.

As daar ooit iemand was wat tevrede kon wees om die hele dag net in die gees van gebed te leef en te werk, dan was dit Jesus. Maar Hy was nie daarmee tevrede nie. Hy het nie aan dié versoeking toegegee en gesondig nie. Hy was oortuig dat dit nodig is om gereeld lang tye in gebed deur te bring. Lukas getuig dat Hy Hom altyd weer in eensame



plekke afgesonder het om daar te bid (Lukas 5:16). Hy het *voor die troon geboer!* Hy het geweet hoe belangrik deurlopende kommunikasie met sy Vader was. Daarsonder kon Hy nie die opdrag van die Vader uitvoer nie.

Jesus het die versoeking om gebed op die agtergrond te skuif en net op werk te fokus, oorwin. Hy het nooit so besig geraak met die dinge van sy Vader, dat Hy die verhouding met sy Vader verwaarloos het nie. Elke opdrag rakende gebed waarvan ons later in die Nuwe Testament sou lees, het Jesus reeds tydens sy aardse lewe gehoorsaam. Wat nou van ons gevra word, het Jesus reeds gedoen.

Wil jy ook biddeloosheid oorwin? Vra dan die hulp van Jesus. Vertrou op Hom. Verwag alles van Hom. Omdat Hy die versoeking om gebed af te skeep, oorwin het, kan, wil en sal Hy jou help om dit ook te doen. Hy het nie net aan die kruis gesterf om die straf vir die sonde van ons biddeloosheid te dra nie. Hy was tot die dood gehoorsaam aan God om die mag van die duiwel en die houvas wat dié sonde op ons het, te breek.

Omdat Jesus, die Bidder by uitnemendheid, in ons woon, is ons meer as oorwinnaars oor die sonde van biddeloosheid. Jy moet dit glo! Ek en jy hoef dus nie iets te probeer wen wat tot op hede onoorwonne is nie. Biddeloosheid is reeds die nekslag toegedien. Biddeloosheid het reeds sy greep op ons verloor. In en deur Christus is ons meer as oorwinnaars en daarom kan ons oor die sonde van biddeloosheid heers (vgl. Romeine 5:17). Ons is reeds weners, kom ons bid soos weners. Kom ons *boer voor die troon*.

Ek en jy kan dus biddeloosheid oorwin omdat ...

- Jesus reeds die versoeking om gebed af te skeep, oorwin het;
- die Oorwinnaar oor biddeloosheid in ons woon en ons dus meer as oorwinnaars in Hom is.

Gebed: *Baie dankie Here Jesus, u oorwinning oor biddeloosheid laat my moed skeep. Omdat U in my leef, sal ek dit ook*



regkry om biddeloosheid, en baie ander sondes te oorwin.

Boer voor die troon in belang van slagoffers van plaasaanvalle en vir almal wat daardeur getraumatiseerd is.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Somalië.

Dag 19

Dink nuut oor die kruis: Christus sterf in ons plek, maar ons sterf ook saam met Hom!

Lees: Romeine 6:1-14 en 7:4-6, asook Galasiërs 2:19-20

Die kruis het 'n dubbele boodskap. Die een boodskap hoor ons dikwels, die ander een amper nooit. Die eerste boodskap is dit: Christus het **in my en jou plek gesterf**. Hy het ons skuld op Hom geneem en die straf vir ons sonde gedra. Op grond hiervan word ons sonde vergewe. Dis 'n wonderlike boodskap, maar net die helfte van die waarheid. Die ander helfte van die waarheid is dat ons **saam met Christus gesterf het**. Daarom is ons óók dood vir die sonde. Deur ons in te sluit in sy dood, het Hy die mag en houvas wat die sonde op ons het, verbreek.

Die mag van die Faraó waarmee hy die Israeliete in Egipte as slawe gevange gehou het, is gebreek toe hulle deur die see getrek het. Net so is die mag en houvas wat sonde op ons lewens gehad het, gebreek toe ons in Christus gedoop is. Ons is immers in sy dood gedoop. Ons het saam met Hom gesterf. Paulus beskryf dit só: "Ons weet dat ons ou, sondige self saam met Christus gekruisig is, sodat die sonde se mag oor ons verbreek kan word en ons nie meer slawe van die sonde sal wees nie. Want as iemand sterf, word hy vry van die mag van die sonde. Aangesien ons saam met Christus gesterf het, weet ons dat ons ook deel sal hê aan sy lewe" (Romeine 6:6-8. Nuwe Lewende Vertaling).



Deur ons eenheid met Christus, is ons nou dood vir die sonde en leef ons net vir God. Omdat dit waar is, kan en moet ek en jy dit ook in ons daaglikse lewe waar maak. Omdat ons een ís met Christus, is ek en jy dus dood vir die sonde van biddeloosheid. Omdat ons een ís met Christus, is ons vry om soos Hy gedurig te bid. Ons is vry om *voor die troon te boer!*

As God ons nie een met Christus Jesus gemaak het nie; as Hy ons nie ingesluit het in Christus se sterwe en opstanding nie, dan sou ons nooit die sonde van biddeloosheid kon oorwin nie. Maar nou hét Hy ons ingesluit in Jesus se sterwe en opstanding en daarom kán ons oorwin. Loof en prys die Here. Wat vir ons onmoontlik was, het Hy vir ons moontlik gemaak.

Gebed: *Vader, baie dankie dat U ons een met Jesus Christus gemaak het. Dankie dat, op grond van ons eenheid met Hom, oorwinning nou vir ons moontlik is.*

Boer voor die troon in belang van goeie arbeidsverhoudinge, nie net tussen blanke boere en swart of bruin plaaswerkers nie, maar ook tussen swart en bruin boere en hulle werkers.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Ethiopië.

Dag 20

**Dink nuut oor die talle opdragte om te bid:
Dit gee ons 'n prentjie van wat moontlik is!**

Lees: Filippense 2:12-13

God het baie wonderlike eienskappe. Maar daar is veral een eienskap wat my altyd weer in dankbare aanbidding voor Hom laat kniel, en dit is: **God maak dit altyd vir ons moontlik om sy opdragte uit te voer!** Hy gee wat Hy vra! "*Deur 'n leefstyl wat vol ontsag en eerbied vir God is,*



*moet julle wys dat julle gered is. Dis mos God wat julle **gewillig** maak om te doen waarvan Hy hou, en Hy gee julle ook die **vermoë** om dit te kán doen!”* (Filippense 2:12b-13. Nuwe Lewende Vertaling). Dit staan nie net in Filippense nie, dis ’n waarheid wat van Genesis tot Openbaring oor en oor na vore kom. In Genesis 1:26-28 gee God nie net opdragte aan Adam en Eva nie, Hy rus hulle ook toe met sy beeld, sy Gees en sy seën om dié opdragte uit te voer. As ek terugkyk op my eie lewe, sien ek dit ook baie duidelik. Elke keer as ek in die geloof die eerste tree gegee het om te doen wat God sê, het Hy dit vir my moontlik gemaak om sy opdrag uit te voer. Aan Hom kom dus al die eer toe.

As jy vanuit ’n ander hoek na hierdie waarheid kyk, beteken dit eintlik: Elke opdrag in die Bybel is ’n belofte van wat God in my en jou lewe wil en kan doen. Hy wek die **begeerte** in ons én gee ons die **vermoë**. Al die opdragte en beloftes oor gebed in die Bybel, is soos die klein stukkie van ’n groot legkaart. Saam teken dit vir ons ’n prentjie van wat moontlik is – van dié soort gebedslewe wat God vir my en jou begeer en daarom ook vir ons moontlik maak. God se opdragte is bedoel om ons te help om die beste en gelukkigste lewe wat daar is, te hê.

In plaas daarvan dat ek die herhaalde opdrag om te bid as ’n swaar las sien, hoor ek daarin hoe bitter graag God wil hê dat ek gereeld met Hom moet kommunikeer. Ek hoor dat Hy eintlik by my pleit om altyd alles van Hom te vra, omdat Hy só graag in antwoord op my gebede alles aan my wil gee. Ek hoor: God begeer om alles wat in Christus vir my beskikbaar is, in antwoord op my gebede aan my te gee, meer as wat ek kan dink om dit in gebed van Hom te vra.

My vriend, gebed is ’n voorreg, nie ’n las nie. Dit lê ons nie aan bande nie en mors ook nie ons kosbare tyd nie. Dit open nuwe moontlikhede en voorkom ’n tydrowende gesukkel. Dit maak die lewe makliker, nie moeiliker nie. Dit bring hemelse seën na die plek waar ons woon, werk en boer.

Raak opgewonde oor die onbeperkte moontlikhede van gebed in plaas daarvan om moedeloos te raak oor die baie opdragte om te bid. Gebed is immers gesprek met God, en niks is vir God onmoontlik nie (Jeremia



32:17). Waar dit lyk of daar geen uitweg en geen oplossing is nie, daar is gebed steeds die antwoord (Psalm 50:15). Wanneer jy geen krag en geen geld meer het nie, kan jy steeds bid. Jy hoef nie wonderwerke te koop nie, jy vra dit net in gebed (Markus 11:22-24). Jy hoef nie swaar te dra aan bekommernisse nie, want jy kan dit op jou knieë omruil vir 'n vrede wat niemand kan verstaan nie (Filippense 4:6). Jy hoef nie hand in die hare te sit nie, want wysheid en goeie raad is beskikbaar as antwoord op gebed (Jakobus 1:5, Jeremia 33:3 en Psalm 32:8). Wanneer ek en jy *voor die troon boer*, kom werk God by ons op die plaas. Dan doen Hy tekens en wonders en allerhande kragtige dinge.

Gebed: *Here, skep elke dag in my hart 'n groter begeerte om meer te bid en leer my hoe om dit te doen. Ek wil die traagheid in my gebedslewe oorwin.*

Boer voor die troon in belang van groter eenheid en samewerking in die landbou. Bid veral vir goeie samewerking tussen georganiseerde landbou en die regering, asook boere en plaaslike munisipale rade.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Soedan.

Dag 21

Dink nuut oor die wet:

Vry van die wet, maar nie sonder die wet nie!

Lees: Esegieël 36:25-28, Romeine 7:4-6 en 8:1-2, Galasiërs 2:19-20

Die Heilige **Gees kla ons nie aan** op grond van die wet omdat ons so traag is om te bid nie. Christus het immers al ons skuld en sonde vergewe en omdat ons saam met Hom gesterf en opgestaan het, is die wet nie meer op ons van toepassing nie (Romeine 7:4-6). Die wet is weg en die skuldbewys met al sy aanklagte teen ons is aan die kruis vernietig (Kolossense 2:14). "Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in



Christus Jesus is nie" (Romeine 8:1).

Die **Gees maak ons egter bewus** van die sonde van biddeloosheid omdat Hy weet hoeveel seën gebed vir ons en ons verhouding met die Vader inhou. Hy wil nie hê ons moet enige iets mis wat die Vader vir ons wil gee nie. Daarom skep die Gees 'n brandende begeerte in my hart om biddeloosheid te oorwin. Hy laat my daarna verlang om *voor die troon te boer*. Ek word dus nie van buite deur 'n wet gedwing om te bid nie. Ek word van binne af gemotiveer deur die begeerte om so veel as moontlik in God se wonderlike teenwoordigheid te vertoef.

As ek haastig is en vinnig wil ry, is die 100km bordjies langs die pad lastig. Dit gooi die wet kort-kort in my gesig. Ek verpes die goed, want elke keer as ek een sien, voel ek meer skuldig. Die bordjies wakker my skuldgevoel aan, maar help my nie om stadig te ry nie. As ek egter in my hart die begeerte het om stadiger te ry om die natuur buite en die geselskap binne in die motor te geniet, sien ek nie eers die bordjies raak nie. Ek ry vanself veel stadiger as wat die wet vereis. Wat is die verskil? Wat die wet buite my nie by magte was om te doen nie, dit doen die begeerte binne-in my.

Dieselfde is van toepassing op die vele opdragte om te bid. Jy kan baie tekste op mooi kaartjies skryf en dit oral teen jou kaste, mure en spieëls vasplak. Dit gaan jou nie help om *voor die troon te boer* nie. Dit gaan jou veel eerder laat skuldig voel omdat jy so min bid. Moenie biddeloosheid probeer oorwin deur meer reëls en strengere wette nie. Kom uit onder die wet. Selfs mooi voornemens hou gewoonlik nie lank nie, al probeer jy hoe hard. Moenie Jesus se gebedslewe probeer na-aap nie. Jy gaan dit nie regkry nie. Hou op om in eie krag te probeer bid. Laat die Gees jou lewe vul met dankbaarheid. Laat Hy jou oë oopmaak om die antwoord op elke gebed raak te sien. Dit sal in jou hart die begeerte wek om nog meer te bid.

Gebed is 'n voorreg, nie 'n vereiste nie. Een van die misdadigers wat saam met Jesus gekruisig is, se eerste gebed was ook sy laaste gebed. Hy is gered en het die ewige lewe ontvang, al het hy net een keer 'n paar woorde gebid. Hy het niks gedoen om die ewige lewe of die



verhoring van sy gebed te verdien nie. Daar is geen verpligting op jou om baie of lank te bid nie, maar as daar geen begeerte in jou hart is om baie of lank te bid nie, is iets beslis fout.

Kom ons leef uit God se genade. Genade is heeltemal anders as die wet. Genade motiveer en inspireer. Genade wek 'n begeerte in my hart. Dit wys ons na Christus en laat ons alles van Hom verwag. Genade vestig ons hoop en verwagting op die Gees wat ons voortdurend verander na die beeld van Christus (2 Korintiërs 3:18), ook wat sy gebedslewe betref. Die Gees laat ons uitroep: "Abba, dit beteken Vader" (Romeine 8:15).

Gebed: *Gees van God, kom lê in my die begeerte om meer en meer voor die troon te boer, sodat ek dit spontaan sal wil doen, tot eer van God en tot voordeel van landbou.*

Boer voor die troon in belang van distriksmunisipaliteite en plaaslike SAPD-kantore. Bid dat hulle hul roeping sal vervul en effektief teen wetteloosheid, misdaad en korrupsie sal optree. Bid ook vir die bekering van oortreders.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in die Sentraal-Afrikaanse Republiek.

Dag 22

**Dink nuut oor die manier waarop ons sonde oorwin:
Deur geloof, en nie deur meer en strenger reëls nie!**

Lees: 1 Johannes 5:3-5 en Romeine 6:14, asook 2 Korintiërs 13:5

Moenie biddeloosheid probeer oorwin deur meer reëls en strenger wette nie. Om nog harder te probeer om meer te bid, gaan waarskynlik nie werk nie. Min het dit nog reggekry. Ek het oor en oor vir myself (en



ander) gesê: *Net soos Jesus moet ek tyd maak om te bid.* Maar kort voor lank het ek weer misluk. Dit het my moedeloos gemaak.

Hoe kry ek en jy oorwinning oor ons traagheid om te bid? Die antwoord is: *Deur geloof in Christus Jesus, die Oorwinnaar.* Die oorwinning wat ons oor die wêreld en die sonde het, is deur die geloof (vgl. 1 Johannes 5:3-5). Sonder dat ons dit hoegenaamd verdien, gee Jesus die oorwinning wat Hy oor biddeloosheid behaal het, as geskenk aan ons.

Net soos jy Jesus vertrou het om jou te red omdat jy jousef nie kon red nie, moet jy Hom vertrou om jou te verlos van die sonde van biddeloosheid, omdat jy jousef nie kan verlos nie. Moet tog nie die fout maak om te dink dat jy deur geloof tot redding kom, maar deur goeie werke tot oorwinning nie. Wanneer Paulus sy stryd met sonde beskryf, getuig hy dat net Christus oorwinning gee (Romeine 7:24-25).

In plaas daarvan om die heel tyd op die sonde van biddeloosheid te fokus, begin fokus op Jesus. Dink daaraan dat jy met Hom gesterf en opgestaan het. Stel jousef tot sy beskikking sodat Hy in en deur jou kan leef (Romeine 6:10-14). Hy sal ook sy gebedslewe deur jou kom leef.

As jy nie glo dat oorwinning oor biddeloosheid moontlik is nie, sal jy nooit oorwinning kry nie.

Gebed: *Vader, ek dank U in die geloof dat ek die traagheid om te bid beslis gaan oorwin. Dankie Jesus dat U my sal help.*

Boer voor die troon in belang van trek- en seisoenarbeiders. Bid vir hulle huwelike en gesinne wat erg ontwrig word. Bid teen versoekings wat hand aan hand met hierdie praktyk gaan. Bid vir wysheid en Goddelike oplossings vir dié moeilike vraagstuk.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Gaboen.



Dag 23

Dink nuut oor hoe God jou sien (1): Nie as sondaar nie, maar sondeloos!

Lees: 1 Johannes 1:7-9; Hebreërs 10:10-14, asook Hebreërs 9:22

Sonde bemors en besmet ons lewens. Daar is géén seep, waspoeier, blyk- of reinigingsmiddel wat sonde kan afwas nie (Jeremia 2:22). Sonde kleef aan ons erger as wat ons vel aan ons kleef. Ons kan net so min sonde in eie krag oorwin as wat 'n luiperd sy kolle of iemand die kleur van sy vel kan verander (vgl. Jeremia 13:23). Ons heel beste pogings is steeds so hopeloos soos 'n smerige lap (Jesaja 64:6). Hoe meer jy probeer om jou gesig daarmee skoon af te vee, hoe vuiler word jou gesig. Al beloning wat sonde ooit gee, is die dood (Romeine 6:23).

Sonde is dié ding wat ons van God af weghou (vgl. Romeine 3:23). Ons kan op geen manier met ons sonde en al in God se teenwoordigheid kom nie. God is heilig. Hy duld geen sonde nie, intendeel, God haat sonde. Daar moet dus eers 'n plan met ons sonde gemaak word, anders kan ons nie deur gebed in God se teenwoordigheid kom nie. Maar loof die Here! Hy het self met 'n plan na vore gekom.

Ons kan inderdaad sê dat volgens die wet feitlik alles met bloed gereinig word. Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis van sonde plaas nie (Hebreërs 9:22. Nuwe Lewende Vertaling). Daarom is daar dwarsdeur die Ou Testament jaar na jaar soveel verskillende offers gebring. Maar ten spyte van al dié offers, het mense steeds skuldig gevoel. Die wet en die offers het hulle immers voortdurend aan hulle skuld herinner. Maar gelukkig was hierdie offerstelsel onder die wet van Moses niks meer as so 'n dowwerige prentjie (iets soos 'n skaduwee) van die fantastiese uitkoms wat God beplan het nie (Lees Hebreërs 10:1-2).

Op die bestemde tyd het God sy Seun gestuur. Selfs as mens het sy Seun nooit sonde gehad of sonde gedoen nie (Hebreërs 4:15). Daarom het Hy nie nodig gehad om diere te offer vir sy eie sonde nie. Hy het Homself geoffer ter wille van ons sonde. Die klomp diere wat



voortdurend geoffer is, het God nooit tevrede gestel nie. Daarom is daar oor en oor diere geoffer. Maar nadat Jesus Homself as offer gegee het, was God heeltemal tevrede. Hy wou niks meer hê nie. Op grond van Jesus se één offer, was God bereid om almal wat in Jesus glo, se sonde heeltemal te vergewe: sonde van die verlede, die hede en die toekoms (Romeine 1:17). Daarom is daar nou geen verdere offer vir enige sonde meer nodig nie. *“Inderdaad, waar sondevergifnis ’n werklikheid is, is geen verdere offer vir die sonde nodig nie”* (Hebreërs 10:18. Nuwe Lewende Vertaling). God dink nie meer aan ons sonde nie! Halleluja! (Lees Hebreërs 10:17).

Ek het êrens die storie gelees van ’n vrou wat na haar dominee gegaan en vir hom gesê het: *“Die Here het vir my ’n boodskap gegee om vir jou te gee.”* *“Hoe sal ek weet die boodskap kom regtig van die Here af?”* het die dominee gevra. Toe het hy aan ’n toets gedink en vir die vrou gesê: *“Ek het vanoggend ’n spesifieke sonde voor die Here bely. Gaan vra vir die Here wat dit was, en kom sê vir my. As jy reg is, sal ek weet die boodskap wat jy vir my het, kom wel van Hom af.”* Toe is die vrou daar weg om by die Here te gaan hoor. Die volgende dag was sy terug by die dominee. *“En, wat sê die Here?”* Hy het dit gevra terwyl hy redelik seker was dat sy nie die regte antwoord sou hê nie. Toe antwoord sy: *“Die Here sê Hy kan nie onthou watter sonde jy bely het nie, want Hy het dit klaar vergewe.”* Dis presies wat God by monde van Jesaja (43:25), Jeremia (31:34), asook die skrywer van die Hebreërbrief (8:12 en 10:17) oor Homself getuig. Hy dink nie meer aan ons sondes nie.

As jy ’n kind van God is, as jy in Jesus glo, kan jy van hierdie een ding 100% seker wees: Sonde staan glad nie meer tussen jou en God nie. Wanneer jy tot God bid, kan jy baie seker wees dat Hy nie aan jou sonde dink nie. Vir Hom is jy silwerskoon omdat Jesus jou heeltemal gereinig het met sy bloed. Daarom verwelkom Hy jou in sy teenwoordigheid. *Nou kan jy voor die troon boer.*

As jy in Jesus glo en God kyk na jou, sien Hy jou soos Hy Jesus sien: sonder enige sonde!



Gebed: *Here God, help my om myself te sien soos U my sien. As ek onder selfveroordeling leef, het ek geen vrymoedigheid om te bid nie.*

Boer voor die troon in belang van kerk- en geestelike leiers op die platteland. Bid dat hulle die volle evangelie en die volle waarheid vreesloos sal verkondig. Bid dat hulle nie sal swig voor druk van lidmate wat meer waarde heg aan onbybelse tradisies, as aan die Waarheid van die Woord nie.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Ekwatoriale Guinee.

Dag 24

Dink nuut oor hoe God jou sien (2): Vrygespreek, nie veroordeel nie!

Lees: 1 Korintiërs 1:30-31 en 2 Korintiërs 5:21, asook Romeine 4:25 tot 5:1 en 8:1 en 33.

Ek weet nie van jou nie, maar ek hou nie daarvan om met mense kontak te maak vir wie ek iets skuld nie. Ek is bang dat ek my kan vasloop teen 'n klomp lastige vrae. Ek sal moet verduidelik waarom ek nog nie my skuld betaal het of my verantwoordelikheid om iets te doen, nagekom het nie. Skuldgevoelens hou my weg van mense af. Net so maak skuldgevoelens ook dat baie christene onbewustelik probeer wegbly van God af. Omdat hulle skuldig voel, is hulle bang om in God se teenwoordigheid te kom, net soos wat 'n beskuldigde bang is om in die hof voor die landdros te verskyn. Hulle vrees veroordeling. Hulle is bang hulle word van 'n klomp goed beskuldig. Skuldgevoelens en vrees vir veroordeling ondermyn ons gebedslewe. Dit hou ons weg van God af.



Maar die Bybel het vir ons goeie nuus. Jesus was tot die dood toe absoluut gehoorsaam aan God (Filippense 2:8b). Hy het Homself nooit skuldig gemaak aan enige sonde nie (Johannes 8:45 en Hebreërs 2:15). Selfs tydens sy verhoor kon die regter (Pilatus) niks kry waaraan Jesus skuldig was nie (Johannes 18:38 en 19:6b). Nogtans is Hy gekruisig. God sê in sy Woord dat Jesus sonder sonde was, maar dat Hy in ons plek as skuldige veroordeel is.

Die goeie nuus is dus dit: Jesus is in ons plek veroordeel en ons is in sy plek vrygespreek. Hy moes vrygespreek word, maar Hy was bereid om sy vryspraak vir ons te gee en ons doodsvonnis vir Hom te vat.

Daarom sê die Woord baie duidelik: *"Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie"* (Romeine 8:1). En ook: *"God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here, Jesus Christus"* (Romeine 5:1).

Dis wonderlik. Die verhouding tussen my en God is nie meer gespanne nie. God beskuldig my nie meer van alles wat ek verkeerd doen nie. Hy verwyt my nie oor al die gebede wat ek nie gebid het nie. God is vir my, nie teen my nie (Romeine 8:31).

Elkeen wat in Jesus glo, kan met vrymoedigheid na God gaan. God gaan jou verseker nie beskuldig of veroordeel nie. Hy het jou reeds vrygespreek. Daar is dus geen rede om van God af weg te bly nie. Geen rede om nie met geloof in gebed na Hom te gaan nie. Die verhouding tussen julle is heeltemal herstel. Deur Christus is dit reg en mooi en goed.

Jesus gee jou sy vryspraak (die vryspraak wat Hom toekom) sodat jy in God se teenwoordigheid kan kom. Gebruik die voorreg. Gebruik dit baie. Bid gedurig. *Boer voor die troon!* God wil so graag hê jy moet deur gebed in sy teenwoordigheid kom. Hy wil hê jy moet naby Hom wees. Hy wil na jou luister en vir jou alles gee wat jy vra.



Gebed: *Halleluja! Ek hoef nie meer met skuldgevoelens te leef nie. Ek hoef nie meer vir U weg te kruip soos Adam nie. Dankie Here Jesus vir u vryspraak wat nou ook myne is!*

Boer voor die troon en vra die Here se beskerming teen die Bose, plaasaanvalle en die diefstal van landbouprodukte.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Kameroen.

Dag 25

Dink nuut oor hoe God jou sien (3): Nie as skuldig nie, maar as regverdig!

Lees: Jesaja 53:11 en 1 Korintiërs 1:30-31, asook 2 Korintiërs 5:21 (Lees dit ook in die 1933/53 vertaling van die Afrikaanse Bybel).

Dis lekker om by iemand te kuier met wie jy 'n baie goeie verhouding het. Jy kuier op jou gemak. Jy is nie gedurig selfbewus en voel nie die hele tyd minderwaardig nie. Jy is seker jou vriend aanvaar jou en geniet jou geselskap. Dit is die soort verhouding wat ons ook deur Christus met die Vader het.

Die geregtigheid van Jesus verwys na die volmaakte verhouding wat Hy met sy Vader het. Dit beteken daar is geen sonde en geen probleme in hulle verhouding nie. Hulle verhouding is heg, intiem en mooi. Dit word gekenmerk deur liefde en vrede, asook volkome eenheid en eensgesindheid. Die Vader en die Seun verheug en verbly hulle in mekaar se teenwoordigheid.

Nou leer al bogenoemde skrifgedeeltes ons dat Jesus sy geregtigheid, met ander woorde sy volmaakte verhouding met die Vader, ook gee vir elkeen wat in Hom glo. Die Woord *geregtigheid* dui dus op die status wat gelowiges in Christus voor God het. Jesus gee sy volmaakte verhouding met die Vader vir ons as geskenk. Nou het ons elkeen wat



in Jesus glo, ook 'n volmaakte verhouding met God.

Al kla jou gewete jou dus aan dat jy dit nie regkry om al God se bevele te gehoorsaam nie; en al kom jy agter dat jy altyd geneig is om te doen wat verkeerd is, kan jy nogtans hierdie sekerheid hê: Al verdien jy dit glad nie, gee God op grond van sy genade vir jou die volkome geregtigheid en heiligheid van Jesus. Die volmaakte verhouding wat Jesus met Hom het, gee die Vader vir jou. Hy gee ook Jesus se absolute sondeloosheid (heiligheid) vir jou as geskenk. Daarom, as God na jou kyk, sien Hy nie jou sonde raak nie. Vir Hom is jy glad nie meer 'n sondaar nie en Hy onthou nie 'n enkele verkeerde ding wat jy gedoen het nie. Vir Hom is dit so goed asof jy self net so gehoorsaam is as wat Jesus was. Asof jy net soos Jesus, geen sonde het nie.

Niemand kan op grond van iets goeds wat hy of sy gedoen het, in God se teenwoordigheid kom nie. Maar elkeen wat in Jesus glo, kan met Jesus se geregtigheid in God se teenwoordigheid kom.

Met ander woorde: Wanneer jy in God se teenwoordigheid kom, hoef jy nie bekommerd te wees oor wat ander mense van jou dink, wat jou status of geleerdheid is, of selfs wat jy al alles verkeerd gedoen het nie. Reken net daarop dat jou verhouding met die Vader nou net so goed en mooi is as Jesus s'n, omdat Jesus sy geregtigheid vir jou as geskenk gegee het. Daarom kan en moet jy *voor die troon boer!* God sal jou gebede verhoor, want daar is niks in julle verhouding wat krap nie.

Kom ons vat dit saam: As jy in Jesus glo, gee Hy jou alles wat jy nodig het om in God se teenwoordigheid te kom. Hy gee jou:

- sy geregtigheid
- sy gehoorsaamheid
- sy heiligheid
- sy verdienste
- sy prestasie

Hy gee jou alles!!! Jy moet net die geleentheid en die voorreg aangryp om *voor die troon te boer*.

Gebed: *Here Jesus, ek wil U net loof en prys. Ek wil vir almal*



vertel hoe goed U is en wat U vir my gedoen het. Ek wil die voorreg aangryp om voor die troon te boer omdat ek nou net so 'n volmaakte verhouding met die Vader het as U.

Boer voor die troon met die gebed dat Living and Farming God's Way dié kenmerk sal word van julle eie boerdery, maar ook van die hele landelike- en boerderygemeenskap dwars oor Afrika. Bid vir AMOS AGRIMIN wat hulle hiervoor beywer.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Nigerië.

Dag 26

Dink nuut oor hoe God jou sien (4): Soos jou oudste broer, Jesus!

Lees: Genesis 27:1-40 en 28:3-4 (Die gedeelte is lank, maar jy moet die hele verhaal lees.) Galasiërs 3:26-27 (vgl. die 1933/53 Vertaling)

In Genesis 12:1-3 lees ons hoe die Here Abram (later Abraham) geroep het. Die Here het belowe om aan hom 'n groot nageslag te gee, asook 'n land wat Hy nog vir hom sou wys. Hy het Abraham geseën en gesê dat in Abraham al die volke van die aarde geseënd sal wees. Na baie jare is daar uiteindelik vir Abraham en Sara 'n seun gebore. Sy naam was Isak. Isak is later met Rebekka getroud. Net soos Sara was sy aanvanklik ook eers kinderloos, maar die Here het Isak se smeekgebede verhoor en na 20 jaar het Rebekka swanger geraak. Sy het geboorte aan 'n tweeling gegee: Esau en Jakob. As oudste seun was Esau en sy nageslag veronderstel om die erfgenaam van al die beloftes te word. Maar dit het nie gebeur nie. Genesis 27 vertel die verhaal van hoe Jakob sy broer Esau bedrieg het en in die proses die erfgenaam van die seën geword het (Genesis 28:3-4).

Die kern van die verhaal is dat Jakob, wat die jongste was, die seën van



Esau, wat die oudste was, verkry het deur sy klere aan te trek. Jakob was 'n bedrieër. Hy het nie gekroom om te lieg nie (Genesis 27:19). Hy het twee keer oor sy identiteit gelieg. Hy het gelieg toe hy gesê het dit is wildsvleis wat hy vir sy pa gebring het. Hy was ook nie eers skaam om God by sy leuens in te sleep nie. Hy het beweer dat God die wildsbokkie oor sy pad gestuur het. Verder het hy met onrein hande die seën gevat wat Esau toegekome het. Die vel van 'n pasgeslagte dier is as onrein beskou. Tog het Jakob dit oor sy arms getrek om so harerig soos Esau te voel. Die soen wat hy sy pa gegee het, was niks anders as verraad teen sy broer nie.

Jakob die bedrieër, leuenaar en skelm het, sonder dat hy dit verdien, die seën ontvang wat sy ouer broer veronderstel was om te kry. Hy het die erfgenaam geword van al God se beloftes aan sy oupa Abraham, en dit omdat hy Esau se klere aangetrek het. Daarteenoor het Esau die slegter deel gekry wat Jakob eintlik moes kry. Wat hy ontvang het, was meer 'n vloek as 'n seën.

In die Nuwe Testament lees ons weer van jonger broers (en susters) wat geseën word op grond daarvan dat hulle die "klere" van hulle oudste Broer aan het. Ek en jy is die bedrieërs. Ons is die sondaars. Jesus word ons ouer broer genoem (Romeine 8:29 en Hebreërs 2:11). Hy verdien God se seën, want Hy was volkome gehoorsaam aan God. Ons verdien God se straf, want ons was en is ongehoorsaam. Maar omdat Jesus ons so liefhet, gee Hy vrywillig sy geregtigheid vir ons om aan te trek, terwyl Hy ons ongeregtigheid op Hom geneem het. Hy word in ons plek die vervloekte wat aan die kruis sterf (Galasiërs 3:14). Geklee in Jesus se geregtigheid, kry ons nou wat Hy verdien het: die volle seën van die Vader.

Jesus se geregtigheid en heiligheid, sy volmaakte verhouding met die Vader, is die bruiufskleed wat almal nodig het om in God se teenwoordigheid te kom en in die groot feesmaal te deel (Matteus 22). Almal wat in Jesus glo en deur die doop een met Hom geword het, **het hulle met Christus beklee** (Galasiërs 3:26-27 vgl. 1933/53 Vertaling).



Omdat ons bekleed is met Jesus, geklee is in sy geregtigheid en heiligheid, kan ons:

- voor die troon in God se teenwoordigheid boer;
- op grond van Jesus se geregtigheid, die volle seën kry wat Hom toekom. Ons word, sonder dat ons dit verdien, mede-erfgename van alles wat syne is (Romeine 8:17)!

Gebed: *Jesus, ek het nie genoeg woorde om dankie te sê dat U bereid was om met my plekke te ruil nie. Dankie dat ek nou, en tot in ewigheid, die volle seën kan geniet wat U toekom.*

Boer voor die troon, bekleed met die geregtigheid en heiligheid van Jesus. Boer daar met die volle sekerheid dat jy die seën wat Hom toekom, vir jouself en die landbougemeenskap mag vra. Vra alles wat die Gees nou op jou hart lê.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Ghana.

Dag 27

Dink nuut oor hoe God jou sien (5): Sy eerste indruk is blywend!

Lees: Jesaja 53:11 en 1 Korintiërs 1:30 (vgl. 1933/1953 Vertaling)

Jare gelede stap ek eendag by 'n weermag-generaal se kantoor in. Teen die muur reg agter hom was dié woorde groot geskryf: *Jy sal nooit 'n tweede kans kry om 'n eerste indruk te maak nie.* Vandag nog, wanneer ek 'n afspraak het met 'n belangrike of invloedryke persoon, dink ek aan dié woorde in die generaal se kantoor. Dan loop ek vir dae en wonder: Wat gaan ek sê as ek by dié persoon kom? Hoe sal ek my saak stel? Wat sal maak dat dié persoon positief teenoor my en my saak is?



Gelukkig werk dit nie só met God nie. Hy is belangriker as die heel belangrikste. Hy is die Koning oor al die konings. Maar Hy het dit nie aan my en jou oorgelaat om dae te loop en wonder oor wat die beste manier sou wees om Hom te benader nie. In sy Woord sê Hy daar is slegs één manier: deur Jesus!

Wanneer ek en jy, bekleed met die geregtigheid van Jesus, voor God op sy troon verskyn, is sy eerste en blywende indruk van ons altyd positief. Beter is nie moontlik nie, want Hy sien ons soos Hy Jesus sien. In sy oë is ons onverbeterlik, want Jesus is heilig, sonder enige sonde. Jesus het die Vader volmaak lief en daarom het Hy die Vader 100% gehoorsaam. In die verhouding tussen die Vader en sy Seun skort daar niks. Dis 'n volmaakte verhouding. Daar is volmaakte eenheid en eensgesindheid. Wanneer ons, toegevoeg in sy geregtigheid, heiligheid en gehoorsaamheid tot God nader, is die blywende indruk wat Vader van ons het: **Volmaak soos Jesus!** Die Vader se indruk van Jesus, is ook sy blywende indruk van my en jou.

Hierdie sekerheid motiveer my om *voor die troon te boer*. Dit help my om biddeloosheid te oorwin en nie so traag te wees om te bid nie. Wat van jou?

Gebed: *Jesus, hoe meer ek verstaan wat U vir my gedoen het, hoe liever kry ek U. Ek het nie woorde om dit mee uit te spreek nie. Ek roem nét in U. Ek aanbid U.*

Boer voor die troon, bekleed met die geregtigheid en heiligheid van Jesus. Vra in sy Naam, dat jy daagliks die vrug van die Gees sal dra (Galasiërs 5:19-22). Vra dat die Gees jou ook sal leer en die krag gee om mense dissipels van Jesus te maak.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in die Ivoorkus.



Dag 28

Dink nuut oor wat gebed in Jesus se Naam beteken

Lees: Johannes 14:13-14 en 15:16, asook 16:23-27

Die woorde **ons vra dit in Jesus Naam** word in feitlik elke gebed gebruik. Ongelukkig het die werklike betekenis van die woorde grootliks verlore geraak. Vir meeste mense het dit 'n niksseggende afsluitingsfrase geword. Iets wat jy moet sê voor jy by **Amen** kan uitkom. Dis amper soos 'n vliegtuig wat sy wiele moet laat sak voordat dit kan land. Maar om iets in die Naam van Jesus te vra, het 'n baie dieper betekenis.

Ons gebruik dikwels name net om een persoon van 'n ander te onderskei. Byvoorbeeld: Dis nie *Gert* wat met die perd gery het nie, maar *Petrus*. In die Bybel word mense se name egter dikwels aan hulle identiteit gekoppel. Iemand se naam sê wie en wat daardie persoon is. Jesus se Naam verwys dus na Jesus se persoon. Om te sê dat iemand deur die Naam van Jesus genees is, is presies dieselfde as om te sê dat iemand deur Jesus as persoon genees is (vgl. Handeling 3:16).

Wanneer Jesus ons sy Naam gee om in te bid, gee Hy Homself aan ons. Hy gee alles wat Hy is en alles wat Hy gedoen het aan ons. Daarom kon niemand voor Jesus se sterwe en opstanding en voor die uitstorting van die Gees van Christus, in sy Naam bid nie (Johannes 16:24 en 26). Eers nadat Jesus Hom volledig aan ons openbaar het; eers nadat Hy al sy versoeningswerk afgehandel het en die oorwinning oor die bose behaal het, weet ons wie Hy regtig is. Toe eers kon ons sy Naam gebruik as grond om op te staan wanneer ons bid. Met die noem van sy Naam roep die Vader alles wie Jesus is en alles wat Hy gedoen het, in herinnering. Dit maak Hom baie bly en dankbaar. Hy gee dan graag sy volle aandag aan my en jou en die saak waarmee ons na Hom kom. Hy hoor in ons gebede die stem en die hart van Jesus. Daarom kon Jesus ons die versekering gee dat die Vader ons sal verhoor wanneer ons in sy Naam bid.

Jesus sê dus eintlik: *Vat my Naam, vat my gehoorsaamheid, vat my*



geregtigheid, vat my vrypraak, vat my oorwinning, vat my verdienste, vat my volmaakte verhouding met die Vader, vat my alles, en gaan dan namens My in gebed na die Vader. Vra wat Ek sou gevra het, en Ek belowe jou dat die Vader dit beslis vir jou sal gee.

Die versekering van verhooring geld nie vir elke gebed nie. Dit geld vir gebede in Jesus se Naam. Hy moet in ons gebede aan die woord kom. Die inhoud van ons gebede moet dit wees wat vir Hom belangrik is. Daarom moet ons primêr bid om baie en blywende vrug te dra sodat die Vader verheerlik kan word. Dit is vir Jesus belangrik (Johannes 14:13-14 en 15:5-8 en vers 16).

Wanneer jy dus *voor die troon boer*, boer in Jesus se Naam en boer daar om vrug te dra. Baie en blywende vrug. Hoe meer vrug jy gaan sien, hoe meer vrug gaan jy begeer. Só oorwin jou begeerte om *voor die troon te boer* jou traagheid om te bid.

Gebod: *Here Jesus, help my om die voorreg wat U my gee om in u Naam enige iets te vra, te gebruik om te vra wat U graag wil hê. Help my om meer vrug te vra, en nie net te bid oor al my tydelike behoeftes nie.*

Boer voor die troon, beklee met die geregtigheid en heiligheid van Jesus. Vra in sy Naam dat elke Christen in die landbou-gemeenskap vrug sal dra wat by die bekering pas; baie en blywende vrug wat die Vader verheerlik.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Liberië.

Dag 29

Dink nuut oor die hulp van die Gees

Lees: Romeine 8:9 en 16, asook 26-27



Soms raak ek net sprakeloos voor die troon. Ek weet nie wat of hoe om vir iemand of oor 'n spesifieke saak te bid nie. Nogtans brand die begeerte in my hart om in belang van dié persoon of saak *voor die troon te boer*. As jy dit ook beleef, wil ek jou die volgende raad gee: Volhard in gebed, *boer voor die troon* (Romeine 12:12). Moenie van die troon af wegbly omdat jy onseker is oor wat of hoe om te bid nie.

Word net stil. Dank die Vader dat die Gees van Christus in jou woon omdat jy glo (Romeine 8:9 en Galasiërs 3:14b). Dank Hom dat jy deur die Gees in 'n intieme verhouding met Hom as Vader kan staan en Hom as Vader mag aanspreek (Romeine 8:15).

Bely dat jy nie regtig weet hoe of wat om oor dié spesifieke saak of persoon te bid nie.

Besluit doelbewus om nie te praat of 'n klomp versoeke aan God te rig nie. Vra net één ding. Vra dat die Gees nou namens jou by die Vader sal intree. Hy ken jou diepste behoeftes en versugtinge, al kan jy dit nie uitspreek nie. Hy weet hoe om daarvoor te bid volgens die wil van God, want Hy ken ook die diepste geheimenisse van God (1 Korintiërs 2:10).

Glo dat die Gees dit nou vir jou doen. Verbly jou daarin, wetende dat die Vader beslis die gebed wat die Gees namens jou bid, gaan verhoor. Dit is volgens sy wil. Wees bly, want jy gaan beslis meer en beter kry as wat jý aan kan dink.

Neem tyd. Moenie haastig wees of word nie. Die Gees sal namens jou intree. Gee Hom die tyd en geleentheid om dit te doen. As jy oor die gawe van tale beskik, gebruik dit. Dit mag selfs wees dat die Gees nou vir die eerste keer vir jou die gawe van tale wil gee om in te bid (1 Korintiërs 12:8-11 en 14:2 en 5). Indien wel, dank Hom daarvoor. Dis 'n geskenk, nie iets wat jy deur jou geestelikheid kan verdien nie. Indien jy nie die gawe het of ontvang nie, moenie aan jou kindskap begin twyfel nie. Almal ontvang nie dieselfde gawes nie (1 Korintiërs 12:8-11). Dit beteken nie dat die Gees nie ook namens jou intree nie. Net soos jy Christus in die geloof aangeneem het (Johannes 1:12-13); net soos jy die Gees in geloof ontvang (Galasiërs 3:14b), net so moet jy glo dat die Gees



nou namens jou bid. Ons leef in die geloof (2 Korintiërs 5:7).

Dank nou die Gees vir sy intrede namens jou. Dis 'n baie groot voorreg wat ek en jy geniet. Dank die Vader vir die verhoring van die smeking van die Gees. Leef in die geloof en verwagting dat jy die antwoord op die smeking van die Gees sal sien – vroeër of later. Laat dit wat die Gees doen jou motiveer om *voor die troon te boer*, selfs al weet jy nie hoe en wat om te bid nie.

Gebed: *Dankie, o Gees van God, dat U in my woon. Dankie dat U my van kindskap verseker. Dankie dat U my help wanneer ek nie weet wat of hoe om te bid nie.*

Boer voor die troon, selfs al weet jy nie wat of hoe om te bid nie. Vra dat die Gees nou self by die Vader sal intree vir 'n spesifieke persoon of saak wat swaar op jou hart lê.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Sierra Leone.

Dag 30

Almal wat voor die troon boer se lewe verander

Lees: Kolossense 3:1-17

Wanneer jy *voor die troon boer*, gaan baie dinge gebeur. Die heel belangrikste is dit: Die Here gaan jou en jou gebedslewe verander. Jy gaan oorwin! God se teenwoordigheid bring altyd oorwinning en sukses. Dink maar aan die baie verhale in die Ou Testament. Dit was die teenwoordigheid van God, en nie die krag en vaardigheid van die soldate wat tot Israel se oorwinnings gelei het nie (Eksodus 14:13-14; Josua 6:15-21; Psalm 33:15-19; Spreuke 21:31).

Dink aan alles wat ons oor Jesus in die Nuwe Testament lees. Twee van die belangrikste dinge wat Hom in staat gestel het om die wil van die



Vader te bly doen en om die duiwel en sy versoekings te oorwin, is ...

- die teenwoordigheid van die Gees van God in Hom (Lukas 3:21-22 en Johannes 3:34) en
- sy voortdurende gebedsgemeenskap met die Vader (Markus 1:35, Lukas 5:16 en 6:12; Johannes 5:19-20).

Sonde en gebed gaan nooit hand aan hand nie. Jy kan nie in sonde lewe en tegelyk *voor die troon boer* nie. Dis die een of die ander. Wie sonde kies moet weet dat gebed stadig maar seker uit sy lewe gaan verdwyn. Wie kies om *voor die troon te boer* kan seker wees dat sonde gaan padgee. God se teenwoordigheid maak die teenwoordigheid van sonde onmoontlik, want God is heilig. Mense wat lief is vir sonde, hou dus nie van bid nie, en mense wat lief is vir bid, hou nie van sonde nie, want gebed bring ons in die direkte teenwoordigheid van God.

Wanneer jy, beklee met die geregtigheid van Jesus, *voor die troon boer*; wanneer jy gedurig dink aan Christus en sy magsoorsie aan die regterhand van God (Kolossense 3:1-4); wanneer jy sekerheid het dat jy in beginsel saam met Hom daar sit (vgl. Efesiërs 2:6), dan sterf daar 'n klomp vieslike goed in jou lewe terwyl die beeld en karakter van Jesus al meer na vore tree (Kolossense 3:5-17).

Oorwinning oor biddeloosheid lei gevolglik altyd ook tot oorwinning oor 'n hele klomp ander sondes! Die teenwoordigheid van die Here doen dit. Daarom moet jy *voor die troon boer!*

Gebod: *Vader, wek in die hele landbougemeenskap die begeerte om voor u troon te boer, sodat ons almal nie net biddeloosheid kan oorwin nie, maar ook baie ander sondes.*

Boer voor die troon in belang van almal wat sonde wil oorwin. Bid by name vir oorwinning oor biddeloosheid, verslawing, toordery, bitterheid, pornografie, verdeeldheid en huweliksontrou, asook rassisme en materialisme.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Togo en Benin.



DEEL 4

VIER GEBEDE OM VOOR DIE TROON MEE TE BOER

Dag 31

Boer voor die troon

Lees: 1 Tessalonisense 5:17

Die landbouvertaling van 1 Tessalonisense 5:17 is mos: *Boer voor die troon!* Daar is veral vier kort gebede wat ek sonder ophou bid wanneer ek *voor die troon boer*. Ek bid die eerste drie feitlik daaglik, en dikwels selfs 'n paar keer per dag. Waarom? Sodat God my uiteindelik sal hoor? Beslis nie! Voordat ek praat, weet Hy tog al wat ek gaan sê (Psalm 139:1-4). Ek bid dit by herhaling sodat ek Hom uiteindelik sal hoor. Jy sien, God praat gedurig met sy kinders, maar ons lewe so vinnig dat ons Hom nie mooi hoor nie. Ons leef in die tyd van blitsvinnige elektroniese kommunikasie en snelvervoer. Tussen radio's, CD's, TV's, DVD's, iPod's en selfone het stilte uit baie mense se lewens verdwyn. Dié goed is oral: in ons slaapkamers, voertuie en sakke. Gevolglik het ons soos radio's geword wat nie op die regte golflengte ingestel is nie. Die uitsending vind plaas en die kwaliteit daarvan is uitstekend, maar ons ontvang nie die seine nie. Ons is nie ingestel (*tuned in*) op God nie, daarom mis ons dit wat Hy ons wil wys en leer. Ons weet nie wat Hy wil hê ons moet doen of wees nie.

Veral die eerste van hierdie drie gebede het my baie gehelp om sensitief te wees vir dit wat die Here in my lewe wil doen. Dié gebed lui as volg:

Here, wys my wat ek vandag moet sien;

Leer my wat ek moet weet;

Sê vir my wat ek moet doen, en

Maak my wat ek moet wees, u Beeld!



Hierdie gebed is “gevaarlik”. Dit haal jou uit jou gemakzone (*comfort zone*). Dit gee aan God die geleentheid om die agenda tussen jou en Hom te bepaal. Met hierdie gebed gee jy aan Hom die geleentheid om met jou te praat oor sake waaraan jy nooit self dink nie. Ek daag jou vandag uit om met hierdie kort gebed *voor die troon te boer*. Dit sal jou sensitief maak vir God se stem. Dit sal jou lewe verander! Dit sal jou lewe nuwe sin en betekenis gee. Dit sal die sprankel en opwinding in jou verhouding met God terugbring.

Jý het net een lewe, jý moet die beste daarvan maak! Jý moet in jou lewe belê (nie net in die bank nie). Jý moet seker maak dat jou lewe vrugbaar en van betekenis is. Die lewe wat jy uit die hand van God ontvang het, is te kosbaar om dit op waardelose dinge te verkwis. *Boer voor die troon* met hierdie paar woorde en kom daaglik op God se agenda vir jou lewe (vgl. Efesiërs 2:10 en 5:15-17)!

Gebod: *Vader, help my om nie net te bid oor my behoeftes en begeertes nie, maar U die geleentheid te gee om ook met my te praat oor dit wat op u hart is.*

Boer voor die troon met hierdie *oggendgebed*. Bid dit opreg vir jouself, jou familie en vriende, asook jou personeel en gemeenskap.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Burkina Faso.

Dag 32

Wys my wat ek vandag moet sien

Lees: Efesiërs 1:18-20

Bid: *Here, wys my wat ek vandag moet sien;
Leer my wat ek moet weet;
Sê vir my wat ek moet doen, en
Maak my wat ek moet wees, u Beeld!*



Pleit by die Here dat jy tog nie toe oë deur die lewe sal gaan nie! Jy loop die gevaar om baie te mis. Vra dat die Here jou oë sal open om die wonders in sy Woord raak te sien (vgl. Psalm 119:18 in 1933/1953 of in die Nuwe Lewende Vertaling). Bid dat jy soos Stefanus die heerlijkheid van God sal sien midde in die donkerste omstandighede (Handelinge 7:54-60). Bid dat jou geestesoë oopgemaak sal word sodat jy met hoop, verwagting en die opstandingskrag van Jesus kan leef (vgl. Efesiërs 1:18 ev). Vra dat die Here jou oë sal oopmaak om sý antwoord op jou gebede raak te sien.

As jy *voor die troon boer* met die versoek dat die Here jou sal wys wat jy vandag moet sien, sal jou oë al meer begin oopgaan. Jy sal begin rondkyk met die **verwagting** om iets te sien. Soos Jesus in Matteus 9 vanaf vers 35, sal jy meer sien as net massas mense wat in klein dorpie saamdrom om een of ander staatstoelae te kry. Jy sal dieper kyk en hulle geestelike nood en hulpeloosheid raaksien. Jy sal sien hoe 'n groot behoefte daar is aan die opleiding van plaaswerkers. Hulle wil so graag meer oor die huwelik, kinderopvoeding, finansies, probleemoplossing, konflikhantering en die boerdery leer. Hulle het ook drome en ideale vir hulle kinders, al sukkel hulle om dit te verwoord.

As jy begeer dat die Here jou nuwe dinge moet wys, moet jy gaan waar jy nog nie voorheen was nie. Ek bedoel nie jy moet op duur vakansies of oorsese reise gaan nie. Loop net oor die teerpad, spoorlyn of sloot wat die dorp en die woonbuurt van mekaar skei. Kom net op die dorp se asgate en vra dat die Here dáár met jou sal praat. Besoek 'n kindersentrum of 'n sentrum vir bejaardes. Kom net in die huise van jou werkers of gaan op 'n sending uitreik.

Miskien wil die Here jou ook wys dat, almal wat aan 'n bepaalde volk, kerk of groep behoort, nie dieselfde is nie. Ons veralgemeen tog so maklik. Miskien wil Hy jou wys hoe dwaas dit is om jou hoop en sekerheid op die onsekerheid van rykdom te bou (vgl. 1 Timoteus 6:17). Daar is talle voorbeelde rondom ons, maar ons sien dit nie. Miskien wil Hy jou wys dat baie mense vreesbevange, ongelukkig en eensaam is, ten spyte van hulle rykdom.



Ek het onlangs die voorreg gehad om 'n besondere bruin vrou in die Noord-Kaap te leer ken. Sy kom uit een van die klein dorpies waar die geestelike nood en fisiese armoede baie groot is. Tydens een van ons gesprekke het sy dié stelling gemaak: *As die Here my inkomste verhoog, is dit nie sodat ek my lewensstyl kan verhoog nie, maar wel my bydrae om die nood van ander te verlig.* Deur haar het die Here my opnuut gewys hoe selfsugtig ons dikwels is. Ons is nimmereindigend besig om ons **lewensstyl** te verhoog en nie **lewenskwaliteit** nie, sonder om Hom te vra waarom Hy soveel welvaart in ons hande geplaas het.

Dis maklik om al die probleme in die landbou raak te sien. Maar as jy hierdie gebed gereeld bid, sal die Here jou beslis ook wys wat sy oplossing vir hierdie ingewikkelde vraagstukke is. Hy sal jou wys wat jý kan doen om dit te help oplos (vgl. 1 Kronieke 12:32 en Jeremia 33:3).

Gebed: *Here, dankie vir my oë. Laat dit my nooit tot sonde verlei nie. Open my oë om alles te sien wat U my wys. Ek wil niks mis nie, Here.*

Boer met die oggendgebed voor die troon in belang van jou huweliksmaat, kinders, werknemers of werkgewer. Boer daar, geklee met die geregtigheid en heiligheid van Jesus. Bid in sy Naam met die absolute sekerheid dat die Vader jou sal verhoor. Dank Hom nou reeds daarvoor.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Guinea-Bissau en Guinee, asook Gambië en Senegal in Wes-Afrika.



Dag 33

Leer my wat ek moet weet

Lees: Matteus 5:1 en 7:28-29

Bid: *Here, wys my wat ek vandag moet sien;*

Leer my wat ek moet weet;

Sê vir my wat ek moet doen, en

Maak my wat ek moet wees, u Beeld!

Die Here het my iets gewys. Ek het langs 'n skool gaan sit en gesien dat elke kind 'n boeketas dra. Binne-in was handboeke, skryfgoed en notaboeke. Dit was duidelik dat hulle almal **leerders** is. Ek het dieselfde by die universiteit gesien. **Studente** draf klas met boeke, penne, papiere en rekenaars. Maar toe het ek by 'n kerk gaan sit. Meeste **kerkgangers** het met leë hande daar opgedaag. Hulle ingesteldheid was nie om geleer te word nie. Elke keer as ek dit by 'n kerk sien, dink ek aan Jesaja 54:13 waar daar staan: "Al jou inwoners sal leerlinge van die Here wees...". Dan bid ek dat dit ook waar sal word van Groblershoop, van elke klein dorpie en elke plaas – dat ons almal leerlinge van die Here sal wees.

Is jy nog 'n leerling? Sit jy nog daagliks in die Here se klas? Leer jy by Hóm wat alles weet (Psalm 94:10 en Romeine 11:33-36)? Daar is baie onverstaanbare dinge wat Hy jou wil leer (Jeremia 33:3). Hy wil jou ook leer om op die plaas die regte ding, op die regte tyd, op die regte manier te doen (Jesaja 28:23-29). Maak tyd en laat die Heilige Gees jou onderrig (Johannes 14:26 en 1Johannes 2:26-27).

Moenie verbaas wees as die Here jou iets leer waaraan jy nog nooit gedink het nie. Dit het met my gebeur. Ons boerdery is klein, maar bestaan uit twee vertakkings. In die Noord-Kaap boer ons met skaap en 'n paar bees, terwyl ons seun in die Vrystaat met groente boer. Vir dié doel het ons eers grond gehuur. Die Here het ons as familie toe so twee jaar gelede gelei om ons woonhuis in Mimosapark te verkoop en 'n klein stukkie grond vir die groenteboerdery naby Bloemfontein te koop. Dit



was een van daardie moeilike opdragte wat ons net in die geloof kon gehoorsaam. Maar toe het twee dinge skeefgeloop. Die koop van die nuwe plek het deurgegaan, maar die verkoop van ons eiendom het deur die mat geval. Die tweede terugslag was hael. Jaco-hulle het die Maandagoggend die eerste 45 kratte “peppers” van ’n baie belowende oes gepluk. Daardie middag is Bain’s Vlei deur ’n verwoestende haelstorm getref. Daar het niks van enige groente oorgebly nie. Ons was in ’n geweldige krisis gedompel – ’n ware toets vir ons geloof.

Beswaard in my gemoed het ek een middag uit Bloemfontein gery. Toe hoor ek skielik in my gedagte ’n duidelike stem wat vra: *Hennie, waarom gaan suip jy nie?* Nie alleen het dié gedagte baie aantreklik geklink nie, ek het onmiddelik sommer aan ’n hele paar ander dinge gedink wat ek ook op pad na die bottelstoor kon doen. Ek wou sommer net toegee aan elke denkbare versoeking: van moordpleeg tot ... Kom ons laat dit liewer daar.

Ek het my letterlik yskoud geskrik, terug in die arms van my Sterke Verlosser, soos die hallelujalied lui. Op hierdie voorval het ’n klomp intense gesprekke met God gevolg. ***Hy het my geleer hoe nodig ek Jesus daagliks het.*** Ek het alles neergeskryf om seker te maak ek vergeet dit nooit. Jy sien, ons Christene dink mos dis net die heidene, die slegte mense wat Jesus nodig het. Ons vergeet maklik dat as God sy hand van genade maar net ’n oomblik van ons sou wegneem, dan is dit klaar met ons. In 5 minute kon ek my lewe, my huwelik, my familie, ons boerdery en my getuienis totaal verwoes het.

Ek dank my Here Jesus! Dit was ’n pynlike ervaring, maar Hy het my geleer en dit vir ons as familie in ’n mooi groei-geleentheid omskep. Hy het my nie net daardie dag beskerm en gehelp nie, maar ook op wonderbaarlike maniere vir ons in dié moeilike tyd voorsien. Hy is die Here wat voorsien (vgl. Genesis 22:13-14).

Ek wil jou aanmoedig om *voor die troon te boer* en gedurig te bid: *Leer my wat ek moet weet!* Laat Hy besluit watter leerplan vir my en jou goed is, want ons weet nie. Daar is soveel méér wat Hy ons wil leer. Wat ’n voorreg om deur die Here self onderrig te word.



Gebed: *Here, ek wil u leerling wees. Bepaal U die leerplan. Help my om elke geleentheid wat ek het om by U te leer, met albei hande aan te gryp.*

Boer met die oggendgebed voor die troon. Bid dit vir alle leiers: landbou-, politieke-, gemeenskaps-, tradisionele en kerkleiers. Bid met die vaste sekerheid dat die Vader na jou luister omdat jou verhouding met Hom net so volmaak is as dié van Jesus.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Mauritanië, Wes-Sahara en Marokko, almal ook in Wes-Afrika.

Dag 34

Sê vir my wat ek moet doen

Lees: 1 Samuel 23: 2, 4 asook 10-11; Lukas 6:46; Efesiërs 5:10-17

Bid: *Here, wys my wat ek vandag moet sien;*

Leer my wat ek moet weet;

Sê vir my wat ek moet doen, en

Maak my wat ek moet wees, u Beeld!

Omdat Jesus die Here is, móét ek en jy Hom gehoorsaam. Baie mense wil Jesus as Verlosser aanvaar omdat hulle van die skuld en straf van sonde wil wegkom, maar hulle wil Hom nie as Here hê en Hóm die seggenskap oor hulle hele lewe gee nie. Dat Jesus in die eerste plek Here en Koning is, is duidelik uit die feit dat Hy in die Nuwe Testament net 24 keer Verlosser genoem word, maar 747 keer Here. Om te doen wat God sê, is dus nie een van verskeie moontlikhede nie. Vir Christene is dit die enigste moontlikheid. Ons Verlosser is ook ons Here!

In die Bybel leer ons hoe kinders van die Here, mense wat deur Hom nuutgemaak is, uit dankbaarheid moet lewe (vgl. 2 Korintiërs 5:17, Romeine



12:1 ev, asook Efesiërs 4:17 ev). Maar, soos Dawid in 1 Samuel 23 moet ek en jy dikwels praktiese besluite neem. Vra dat die Here jou ook in dié alledaagse besluite sal lei.

Ek wou my lewe lank graag boer en het ook vroeg in my lewe die geleentheid gehad om dit te doen. Maar die Here het ander planne met my gehad. Hy het my geroep vir die bediening. Die spesifieke uur wat ek in November 1984 in die kerk gelegitimeer en beroepbaar gestel is, het ons groot vrieskoei gevrek. Daardeur het die Here duidelik met my gepraat: *Moenie aan die versoeking toegee en gaan probeer boer nie. Jou boerdery is dood.* Oor tyd, maar spesifiek in 1993, het die Here my en Janetta geroep om met die *AMOS BEDIENING* te begin. Die naam kom van die profeet Amos in die Ou Testament wat 'n boer was. Vanaf 2002 het die Here weer met ons oor boerdery begin praat. Hy het ons stap vir stap gelei en dit duidelik gemaak dat daar 'n nuwe seisoen in ons bediening aan die kom was. Dit kan saamgevat word in die woorde: *“the demonstration of your proclamation”*. Teen 2005 het ons reeds sekerheid gehad dat die Here nie wil hê ons moet *AMOS* los en gaan boer nie, maar dat ons beide moet doen. Nogtans was ek bang. Ek het dikwels gedink aan die koei wat in 1984 gevrek het. Ek was bang dat elke keer as dit swaar gaan in die boerdery, die duiwel my sou aankla en van ongehoorsaamheid beskuldig. Hy sou my aan die dooie koei herinner en sê dat ek nie veronderstel is om te boer nie. Daarvoor het ek nie kans gesien nie. Ek moes dus 100% seker maak dat ek doen wat God sê, en nie sommer iets doen waarvoor ek lus is nie. Op 21 Maart 2005 het ek in my stiltetydjoernaal 'n inskrywing gemaak. Ek het die Here gevra om die koei wat in 1984 gevrek het, te vervang deur aan ons 'n tweeling kalf te gee. Iets wat selde by beeste voorkom. Die Here het dit gedoen en teen die einde van daardie jaar is die tweeling kalwers gebore. Die Here het duidelik gepraat en ons was dus seker wat ons moes doen.

Ek wil jou aanmoedig om jouself tot beskikking van die Here te stel. *Boer voor sy troon* met die versoek: *Sê vir my wat ek moet doen.* Laat Hom toe om nuwe dinge op jou agenda te plaas. Gee Hom die geleentheid om met jou te praat oor dit wat Hy graag deur jou wil doen. Vra ook sy leiding in praktiese sake. God praat vandag nog met sy



kinders. Hy doen dit op verskillende maniere. As jy nie weet hoe om die stem van die Here te hoor nie, doen navraag by AMOS en/of ander Christenvriende. Kry hulp en raad, want God wil met jou praat.

Daar is 'n roeping op jou lewe (Efesiërs 2:10). Vind uit wat dit is en doen dit (Efesiërs 5:10-17)!

Gebed: *Here God, help my om u stem al duideliker te hoor en om altyd dadelik gehoorsaam te wees wanneer U praat.*

Boer met die oggendgebed voor die troon in belang van almal wat raad en leiding soek oor belangrike besluite wat hulle moet neem. Bid dat veral Christene bereid sal wees om te doen wat God sê. Christus is die Here!

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Niger en Tsjad.

Dag 35

Maak my wat ek moet wees

Lees: 2 Korintiërs 3:18 en 1 Johannes 2:6

Bid: *Here, wys my wat ek vandag moet sien;*

Leer my wat ek moet weet;

Sê vir my wat ek moet doen, en

Maak my wat ek moet wees, u Beeld!

Hierdie is 'n gebed om lewensverandering en karaktervorming. Ek wil altyd tog so graag hê ander mense moet verander, terwyl ek bly soos ek is. Maar elke keer as ek hierdie gebed op my lippe neem, herinner die Gees my dat verandering by my moet begin. Dit help my ook om te onthou: *“Being is more important than doing.”*

Wanneer ek met hierdie gebed *voor die troon boer*, onthou ek dat ek nie



veronderstel is om maar net soos hierdie of daardie Christen te wees nie. Ek moet die beeld van God en die karakter van Jesus uitstraal. Dit beskerm my teen die sonde van selftevreedenheid (Lukas 18:11-12 en Galasiërs 6:1-5).

Met hierdie gebed gee jy aan die Landbouer toestemming om jou te snoei sodat jy meer vrug kan dra. Jy gee aan Hom die reg om te besluit wat bly en wat brand (Johannes 15:1-8). Jy gee aan God die reg om jou denke te verander sodat jy nie langer soos die wêreld dink en redeneer nie, maar sal weet wat sy wil is (Romeine 12:1-2).

Deur met hierdie gebed *voor die troon te boer*, gee jy weereens aan God die geleentheid om alleen te besluit wat in jou lewe moet verander. Op 'n dag het een van ons vriende se dogter my vertel van 'n baie goeie boek wat sy gelees het. Ek lees baie stadig en gevolglik kan ek nie elke goeie boek lees waarvan ek hoor nie. Maar oor jare het ek die sensitiwiteit ontwikkel om te weet wanneer die Here wil hê ek moet 'n spesifieke boek lees. Dan het ek moeite gedoen om dit nie net te lees nie, maar te bestudeer. Dié dag was so 'n geleentheid. Die Gees het in my die begeerte gewek om die boek ***Respectable Sins (Confronting the sins we tolerate)*** deur **Jerry Bridges** te lees. Deur dié boek het Hy die geleentheid gekry om my hard aan te spreek oor “aanvaarbare sondes” soos angs, frustrasie, onvergenoegdheid, ondankbaarheid, trots, selfsug en dergelyke dinge wat in stryd is met die beeld en karakter van Christus.

Kom ons *boer voor die troon* met hierdie kort gebed. Nie sodat God óns uiteindelik sal hoor nie, maar sodat ons Hóm uiteindelik sal hoor. Ek droom van 'n landbougemeenskap wat sien wat God hulle wys; wat weet wat God hulle leer; wat doen wat God sê en wat die beeld van Christus in alles wat hulle doen, vertoon. Dit is die transformasie wat in die landbou moet plaasvind. Dit moet by my en jou begin, dan uitkring na ons plase en gemeenskappe, en uiteindelik na Afrika.

Gebod: *Vader, ek begeer meer vrug in my lewe. Daarom kom ek, geklee met die geregtigheid van Jesus, met sý gehoorsaamheid, gevul met sý Gees, in sý Naam, en ek bid:*



*Wys my wat ek vandag moet sien;
Leer my wat ek moet weet;
Sê vir my wat ek moet doen, en
Maak my wat ek moet wees, u Beeld!*

Boer met die oggendgebed voor die troon. Onthou dat transformasie in die landbou by jóú begin. Bid dat jy al meer sensitief sal word vir dit wat God in en deur jou wil doen. Vra dat Hy jou van harte bereid en gewillig sal maak om tot sy beskikking te wees.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Mali en Algerië.

Dag 36

Gebed om geloof

Lees: Eksodus 3:14 en Numeri 23:19, asook Markus 11:22-24

Bid: *Here, help my om te glo dat U is wie U sê U is. Help my om te glo dat U steeds kan doen wat U in die verlede gedoen het. Help my om te glo dat U alles kan, wil en sal doen wat U belowe het.*

Ons word uit genade, alleen deur **geloof** in Jesus Christus, gered (Handelinge 16:31; Efesiërs 2:8). Ons word vrygespreek omdat ons **glo** (Romeine 1:17 en 3:28; Galasiërs 2:16). Deur die **geloof** ontvang ons die Heilige Gees (Galasiërs 3:14) en ons oorwin die sondige wêreld deur ons **geloof** (1 Johannes 5:4). Wanneer ons in **geloof** bid, ontvang ons wat ons ookal vra (Markus 11:24; Hebreërs 11:6; Jakobus 1:6). Dit alles beteken dat ons deur **geloof** lewe, en nie deur dit wat ons sien nie (2 Korintiërs 5:7). Daarom was die Satan se aanslag op die vernietiging van Petrus se **geloof** gerig, en daarom het Jesus gebid dat Petrus se **geloof** hom nie sal begewe nie (Lukas 22:32). Dit is dus baie duidelik hoe belangrik **geloof** is. Kan ek en jy dit bekostig om nie oor ons **geloof** te bid nie (vgl. Markus 9:24)?



Ek het reeds by dag 14 iets oor geloof en gebed gesê. Kom ons word nou net 'n paar oomblikke stil en beantwoord die volgende vrae baie eerlik:

1. As jy vas **glo** dat God werklik is wie Hy sê Hy is, hoe sal dit jou lewe verander?
2. As jy vas **glo** dat God volkome in staat is om alles te doen wat die Bybel sê Hy al gedoen het, hoe sal dit jou lewe verander?
3. As jy **100% oortuig** is dat God alles kan, wil en sal doen wat Hy in sy Woord belowe, hoe sal dit jou lewe verander?

Ek moet erken: My lewe wys dat ek sukkel om hierdie dinge te glo. Ek het my eie menslike idees oor God. Ek bely maklik meer oor God as dit wat ek werklik glo.

Dit waarmee ek die meeste worstel is my ongeloof en die vernietigende gevolge daarvan. Die meeste probleme in my lewe word deur my ongeloof veroorsaak. Daarom *boer ek voor die troon* met hierdie gebed. Ek móét eenvoudig kinderlik glo dat hierdie drie dinge van God waar is, want as ek dit nie glo nie, wat bly oor? Dis alles of niks. As ek eers die deur op 'n baie klein skrefie vir ongeloof oopmaak, sal ongeloof soos 'n stormwind die deur heeltemal oopruk en alles wat ek nog glo, omwaai. Here, help my om te glo!

Kan jy bekostig om nie met hierdie gebed *voor die troon te boer* nie?

Gebed: *Here, dat ek glo, is aan U te danke. Bewaar my van ongeloof en help my om U kinderlik te glo. U is in alles betroubaar en U kan nie lieg nie. Dankie vir dié sekerheid.*

Boer met die *gebed om geloof voor die troon* in belang van die Kerk van Jesus Christus in Afrika. Ongeloof, bygeloof en heidense tradisies ondermyn die krag, effektiwiteit en getuienis van die Kerk.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Djiboeti en Eritrea.



Dag 37

Here, posisioneer my om my roeping te vervul

Lees: Johannes 17:4, asook Handeling 20:24 en 2 Timoteus 4:7

Bid: *Here, (her)posisioneer my (of ons) vir roepingsvervulling, intimiteit en finansiële vryheid.*

Beide Jesus en Paulus kon terugkyk op hulle lewe en met dankbaarheid sê dat hulle hul roeping vervul het. Maar wat van my en jou?

Eerstens moet ons onthou dat elke Christen geroep is om **voltyds** in diens van die Here te wees, in watter beroep of in watter omstandighede hulle hulle ookal mag bevind. Sommige Christene word nie geroep vir voltydse diens en ander vir deelydse werk nie. Selfs wanneer jy boer of met jou hande werk, is jy voltyds in diens van die Koning (Kolossense 3:17 en 3:23-24), nie net wanneer jy 'n dominee of pastoor is nie. Deur sy Gees maak God mense bekwaam, nie net om te preek nie, maar ook om vaardig met hulle hande te wees (Eksodus 35:30 tot 36:1, asook 36:8). God leer ook sý boere hoe om suksesvol te boer (Spreuke 27:23-27 en Jesaja 28:23-29).

Daar is soveel uitdagings in die landbou. Daar is soveel nood op die platteland. Daar is soveel nuwe dinge wat die Here wil openbaar. Daar is soveel aspekte van sy Koninkryk wat in die landbou sigbaar moet word. Daar is soveel verhoudings wat herstel en gebou moet word. Dit is alles die werk van die Here, en Hy roep gewone mense, landbouers soos ek en jy om dit vir Hom te doen. Maar dan moet ons uit ons gemaksones kom, want ons gemaksones hou ons weg van ons roeping af. Daarom moet God ons (her)posisioneer vir roepingsvervulling.

Jy moet elke dag jou roeping vir daardie dag vervul, anders sal jy nie aan die einde van jou lewe kan terugkyk en sê dat jy die lewenstaak wat God jou gegee het, vervul het nie. Daarom moet jy ook met hierdie gebed *voor die troon boer*, want roepingsvervulling is nooit 'n afgehandelde taak voor jy die dag jou kop neerlê nie.



Wanneer God jou posisioneer vir roepingsvervulling, doen Hy gewoonlik twee dinge: Hy skuif jou **kop** en Hy skuif jou **lyf**. Vra Hom om dit te doen. Vra dat Hy jou denke sal verander en jou nuwe oë sal gee om anders na dinge te kyk. Miskien laat Hy jou radikaal nuut dink, of miskien gee Hy jou net 'n nuwe perspektief op iets klein. Miskien wys Hy jou net iets wat jy nog altyd misgekyk het. Vra Hom ook om jou lyf te skuif na die plek waar Hy jou nou wil gebruik. Dalk is jy op die verkeerde plek, en/of in die verkeerde beroep, en/of tussen verkeerde mense en/of vasgevang in beperkende omstandighede. (Ek bedoel nie dat die plek, beroep, mense of omstandighede sondig is nie, maar net dat dit nie die plek is waar die Here jónú wil gebruik nie.) Dalk skuif Hy jou baie ver, dalk net 'n paar meter. Dit maak nie saak nie, wees net gehoorsaam en skuif.

Die Here het my en ons familie al 'n paar keer herposisioneer en elke keer het dit ons gehelp om ons roeping beter te vervul. In die proses het ek een ding geleer: *Ek is veiliger binne die wil van die Here as in my eie "comfort zone"*.

Gebed: *Vader, ek wil elke dag my roeping uitleef en baie vrug dra. Skuif my voortdurend na die plek en bepaal daaglik die omstandighede waarin ek dit die beste kan doen. Neem my vrees vir verandering weg.*

Boer voor die troon met die gebed dat die HERE jou en jou familie sal posisioneer vir roepingsvervulling. Bid dat Hy julle uit julle gemaksones sal haal sodat julle meer diensbaar in sy Koninkryk kan wees en baie vrug kan dra.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Tunisië en Libië.



Dag 38

Here, posisioneer my vir intimiteit

Lees: Markus 1:32-39, asook Lukas 5:16 en 6:12

Bid: *Here, (her)posisioneer my (of ons) vir roepingsvervulling, intimiteit en finansiële vryheid.*

As jy net gou iets van die Vader wil hê, kan jy dit sommer met 'n kort skietgebedjie vra. Daar is talle sulke voorbeelde in die Bybel (Nehemia 2:4, 4:4, 5:19, 9:9b en 14, Lukas 18:13 en 23:42, asook Johannes 11:41-42). Maar intimiteit met God is iets anders. Intieme verhoudings vra kwaliteit tyd vir goeie kommunikasie om mekaar werklik te leer ken en te vertrou. Jy kan nie 'n intieme verhouding met iemand bou as jy altyd aan die hardloop is nie. Net so kan jy nie met skietgebede in 'n oorvol program 'n intieme verhouding met God bou nie. Jy het eers 'n intieme verhouding met God nodig, en op grond daarvan kan jy dan enige tyd ook kort skietgebede bid.

Jesus het gereeld lang tye in gebed met die Vader spandeer. Sy gebede was beslis nie net lang lysies van sy onmiddellike behoeftes of 'n eindelose herhaling van woorde nie. Die feit dat Hy gedurig in gesprek met sy Vader was, dui op sy behoefte aan intimiteit met sy Vader.

Ek en jy moet *voor die troon boer*, nie net omdat ons baie goed wil hê nie, maar ter wille van 'n intieme verhouding met ons Vader. Intimiteit het te doen met die *vreugde* en *opwinding* om in God se *teenwoordigheid* te wees. Dit gaan oor 'n *persoonlike verhouding* met Hom. Intimiteit veronderstel dat jy en die Vader *alleen in gesprek* is, dat julle met mekaar *praat* en na mekaar *luister*. Dat julle jou *karakter* en jou *roeping* sal bespreek. Dat jy Hom ook sal leer *ken* soos Hy werklik is – sý aard en karakter. Hoe langer ons in sy teenwoordigheid en geselskap verkeer, hoe meer sal ons soos Hy begin dink en optree. Hoe meer sal ons die beeld en karakter van God begin vertoon.



Boer voor die troon met die versoek dat die Here jou voortdurend sal posisioneer vir intimiteit met Hom. Vra Hom om jou kop en jou lyf te skuif. Vra Hy moet jou nuut laat dink oor intimiteit met Hom en die noodsaaklikheid om ook gereeld langer tye in gebed deur te bring. Vra Hom ook om alles wat nodig is te verander sodat jy van tyd tot tyd 'n paar uur alleen met Hom kan spandeer, of selfs 'n dag of wat in vas en gebed kan deurbring. Ek en jy het dit só nodig.

Gebed: *Here God, haal my uit die gejaagdheid van die lewe en haal ook die gejaagdheid uit my uit. Posisioneer my vir groter intimiteit met U sodat ek U al beter sal leer ken, u beeld al meer sal vertoon, meer vrug sal dra en meer vreugde daarin sal vind om voor u troon te boer.*

Boer voor die troon met die gebed dat die HERE dwars oor Afrika die landbougemeenskap al meer ook 'n biddende gemeenskap sal maak. Bid vir groter intimiteit met Hom, sodat sy beeld en karakter al meer in ons almal sigbaar kan word.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap op die Seychelle en Madagaskar.

Dag 39

Here, posisioneer my vir finansiële vryheid

Lees: Spreuke 22:7 en 1 Johannes 2:15-17

Bid: *Here, (her)posisioneer my (of ons) vir roepingsvervulling, intimiteit en **finansiële vryheid**.*

Om skuldvry te wees, is 'n besondere seën uit die hand van die Here (Deuteronomium 15:6 en 28:12). Nogtans aanvaar die Bybel, dat selfs mense wat die Here dien, in skuld kan beland (vgl. Levitikus 25 en 2 Konings 4:1). Vanweë die hoë inset- en produksiekoste in die landbou kan een



misoes deesdae 'n groot skuld las tot gevolg hê. Die Bybel verbied nie alle skuld nie, maar moedig ons beslis aan om skuld so ver moontlik te vermy.

Finansiële vryheid beteken dat jy geld se baas is, en dat geld nie jôu baas is nie. Dit beteken om nie skuld te maak om jou selfsugtige en gierige behoeftes te bevredig nie. Dit beteken dat, as jy skuld het, dit gesonde skuld is wat jou in 'n posisie plaas om so gou moontlik weer skuld vry te kom. Dit beteken dat jy die vryheid het om met jou geld te doen wat die Here van jou verwag, en dat jou finansiële posisie jou nie in die versoeking plaas om oneerlik te wees nie (vgl. Spreuke 30:7-9). Finansiële vryheid is om God se wil met God se geld te doen, **al tien tiendes** daarvan.

Daar is twee reuse wat ons van finansiële vryheid beroof: skuld en dit wat meestal tot skuld aanleiding gee, naamlik gierigheid. Gierigheid is afgodery en moet daarom met wortel en tak in ons lewens uitgeroei word (Efesiërs 5:5). As ons daarin kan slaag, is ons stryd teen skuld al halfpad gewonne.

Baie skuld is 'n verskriklike ding. Dit gee geboorte aan slapelose nagte en skure vol versoekings. Versoekings om skelm en oneerlik te wees; arbeiders te min te betaal; die Lotto te begin speel; dankoffers terug te hou; aan die drink te gaan; ensovoorts. Onbeheerbare skuld laat jou soos 'n verloorder voel en dit verhinder jou om jou roeping uit te leef. Jy het al jou tyd, krag en energie nodig om uit die moeilikheid te bly. Daar is niks oor om jou roeping mee te vervul nie. 'n Groot skuld las vul jou gedagtes sodat jy sukkel om te konsentreer wanneer jy bid. Skuld beduiwel my en jou intimiteit met God.

As jy nie finansiëel vry is nie, moet jy met hierdie gebed *voor die troon boer: Here, posisioneer my/ons vir finansiële vryheid.* Wees sensitief vir sy antwoord. Hy wil jou help om op die regte manier finansiëel vry te kom. Hy sal jou wys wat jy moet sien, leer wat jy moet weet en sê wat jy moet doen. Dit beteken nie noodwendig dat jy oornag uit die skuld gaan kom nie. Maar doen wat God sê, en daar sal 'n nuwe hoop en verwagting in jou hart begin groei. Laat Hom toe om jou kop en jou lyf,



jou bates en jou laste, jou visie en jou planne te skuif. As alles bly soos dit is, kan jy nie finansiële vryheid verwag as jy dit nie nou reeds het nie.

As ek en jy ernstig raak oor die betaal van ons skuld, sal ons uitvind hoe ernstig God is om wonderwerke te doen en ons met finansiële vryheid te seën.

Gebed: *Vader, U is die Landbouer. Snoei al my gierigheid weg omdat dit my verhinder om vrug te dra en my roeping te vervul. Posisioneer my vir finansiële vryheid sodat ek ú wil met al ú geld kan doen.*

Boer voor die troon en vra die HERE om die landbougemeenskap te posisioneer vir finansiële vryheid. Bid dat landbouers welvaart sal skeep en vir Afrika tot seën sal wees. Bid teen alles wat die winsgewendheid van landbou ondermyn.

Bid vir Afrika: Fokus op die landbougemeenskap in Egipte. Bid dat ***Living and Farming God's Way*** dié kenmerk van die landelike en boerderygemeenskap van die Kaap tot by Kairo sal word.

Dag 40

Here Jesus, ek het U nodig

Here, ek kon myself nie red nie. **Ek het U nodig gehad.** En U het my gered uit die dood en van die ewige straf. U het dit wat U deur u gehoorsaamheid aan die Vader verkry het, vir my gegee. Ek staan met ú volkome gehoorsaamheid, ú geregtigheid en ú heiligheid, in ú Naam voor die Vader. U bloed het my gereinig, my skoon gemaak! U het my u kind gemaak. Baie, baie dankie daarvoor. Maar om nou daagliks uit dankbaarheid vir U te lewe, kry ek ook nie uit myself reg nie. **Daarvoor het ek U óók nodig.** Daarom pleit ek by U, my Here Jesus:



Gee my u sagte en liefdevolle oë;
Gee my u dienende hande;
Gee my u gewilligheid om te luister;
Gee my u geduld met die swakkes -
die geknakte riete en die dowwe lamppitte;
Gee my u selfbeheersing en selfdissipline;
Gee my u oorwinning oor sonde en die versoekings van Satan;
Gee my u sensitiwiteit vir die wil van die Vader;
Gee my u volkome gehoorsaamheid aan die Vader;
Gee my u gebedslewe en u intimiteit met die Vader;
Gee my u liefde vir die Woord en u vermoë om die Woord reg te
gebruik;
Gee my u nederigheid en gewilligheid om te dien;
Gee my u bereidheid om te vergewe;
Gee my u mag en gesag oor die bose, alle siektes en chaos-magte;
Gee my u onderskeidingsvermoë om die regte ding op die regte tyd
te sê en te doen;
Gee my u vermoë om u tyd reg te bestuur;
Gee my u vermoë om groepsdruk te hanteer: die druk van godsdien-
leiers wat u in hulle tradisies gevange wou neem, asook die
druk van politieke groepe wat u wou misbruik om hulle
politieke drome te verwesenlik;
Gee my u vermoë om teleurstellings in mense te oorkom;
Gee my u liefde vir verlore mense;
Gee my u tranes vir mense wat nie luister as U by hulle pleit om na U
toe te kom nie;
Gee my u verbintenis tot die waarheid;
Gee my u opstandingskrag en energie;
Gee my u lewe om baie en blywende vrug te dra;
Gee my u honger na wat reg is, u dors na geregtigheid;
Gee my u innerlike rus, u vrede en u vreugde;



Gee my u vryheid van enige verknogtheid aan aardse besittings;
Gee my u vreesloosheid om die Vader end-uit te gehoorsaam en die
volle prys daarvoor te betaal;
Gee my u vermoë om te midde van lyding, die vreugde wat die Vader
belowe het, voortdurend voor oë te hou;
Gee my u volkome vertrouwe op die Vader om in lewensgevaar aan die
vooraand van die dood, steeds te bid: *Nogtans nie my wil
nie, maar laat u wil geskied!*

Here, my Here, ek het Ú nodig! Ek het alles van U nodig! Sonder U,
is ek niks! Vul my daagliks met u Heilige Gees! **Bly asseblief in my en
leef u lewe deur my, sodat ek kan leef soos U geleef het** (Galasiërs
2:19-20)! My hoop en verwagting is op U gevestig – nou en vir altyd.

AMEN





Die naam, **AMOS**, is afkomstig van die profeet Amos in die Ou Testament. Hy was 'n boer. Hy het veral gewaarsku teen uiterlike vormgodsdienste, allerhande onreg en uitbuiting in sy tyd. Die profeet Amos verkondig dat godsdienstigheid alleen nie genoeg is nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*, wat landbou-bediening beteken.

AMOS se logo is ryk aan simboliek. Die naam is prominent gedruk. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en bring lewe en voorspoed. Ons by **AMOS** bely Jesus Christus (die rooi kruis), as die Bron van Lewende Water (blou stroom), die Een sonder wie die oorfloedlewe onmoontlik is. Net soos die windpomp afhanklik is van die wind om te kan funksioneer, bely ons met hierdie logo dat ons afhanklik is van die kragtige werking van die Heilige Gees.


Amos Agrimin se kernbesigheid

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:



Amos Agrimin

 +27 (0)86 580 0064

 secretary@amosafrica.net



Amos Streke (Besook webwerf vir kontakbesonderhede)

Amos Agrimin Kaap

Amos Agrimin Noord-Kaap

Amos Agrimin Sentraal

Amos Agrimin

Eerste Nasionale Bank

Brandwag

Takkode: 230 534

Rekeningnommer: 5299 000 8842

www.amosafrica.net